DIE ONTWIKKELING VAN ALTERNATIEWE KONSTRUKSIES IN 'N TERAPEUTIESE GESPREK: 'N GEVALLESTUDIE

deur

ALETTA MARIA VOGES

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

SOSIALE WETENSKAPPE
(GEESTESGESONDHEID)

in die

DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: MEV. C.J. SCHENCK

JANUARIE 1996

MY OPREGTE DANK AAN:

* My Skepper.

* Carl vir sy ondersteuning en geduld gedurende my studietydperk.

* Familie en vriende vir hulle hulp, ondersteuning en geduld.

* My studieleier, Rinie Schenck.

OPSOMMING

In hierdie studie is 'n beskrywing van die ontwikkeling van betekenisvolle alternatiewe konstruksies gegee. Die ontwikkeling van alternatiewe beskrywings vir 'n pynlike situasie waarin mense hulle bevind kan die moontlikheid skep dat beweging plaasvind.

Die ontwikkeling van alternatiewe beskrywings word bespreek aan die hand van die volgende vier komponente van 'n terapeutiese gesprek:

* Die terapeut gebruik die verskillende punktuasies van die gesin in hulle beskrywing van die probleem en neem komplementerende beskrywings in ag. (Punktuasie/komplementering.)

* In die beskrywing van alternatiewe realiteite gebruik die terapeut 'n taal wat die hoop op verandering skep. (Herformulering.)

* Die terapeut luister met respek na die gesin, en poog om die gesin se temas aan te hoor, te verstaan en te gebruik. (Taal.)

* Die terapeut neem, deur vrae te vra waarvan die antwoorde tot verdere vrae aanleiding gee, die verantwoordelikheid op hom om gesprekvoering te fasiliteer wat deelname aan die terapeutiese proses aanmoedig. (Deelname/vrae wat aanleiding gee tot verdere vrae.)

Die bespreking is gebaseer op 'n konstruktivistiese benadering.

'n Gevallestudie word beskryf om te illustreer hoe betekenisvolle alternatiewe beskrywings in 'n terapeutiese gesprek ontwikkel is.

Die volgende sleutelwoorde is gebruik:

* konstruktivisme
* terapeutiese gesprek
* alternatiewe beskrywings(herformulering)
* epistemologie
* veranderingsproses
* immobilisering
* interaksieproses.

SYNOPSIS

In this study a description of the development of meaningful alternative constructions has been provided. The development of meaningful alternative descriptions of a painful situation within which people find themselves could create the possibility of movement taking place.

The development of alternative descriptions was discussed by means of the following components of a therapeutic conversation:

* The therapist uses the different punctuations of the family in their description of the problem and takes complementary descriptions into consideration. (Punctuation/complementation.)

* In the description of alternative realities the therapist uses a language that creates hope for change. (Reframing.)

* The therapist listens to the family with respect and endeavours to hear the family's themes, to understand and to use them. (Language.)

* The therapist, by asking questions of which the answers facilitate further questions, accepts the responsibility to facilitate discussions that encourage participation in the therapeutic process. (Participation/questions leading to further questions.)

The discussion was based on a constructivist approach.

A case history was described to illustrate how meaningful alternative descriptions were developed in a therapeutic conversation.

The following key terms were used:

* constructivism
* therapeutic conversation
* alternative descriptions (reframing)
* epistemology
* process of change
* immobilisation
* interaction process.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: DIE NAVORSINGSPROSES

1.	Inleiding	1
2.	Motivering vir studie	1
3.	Teoretiese benadering	3
4.	Navorsingsbenadering	6
5.	Doel en doelstellings	8
	5.1 Doel	8
	5.2 Doelstellings	9
6.	Navorsingsmetode	9
7.	Data-insameling	11
8.	Deelnemers aan die terapeutiese proses	12
	8.1 Die gesin	12
	8.2 Die span	12
9.	Beperkings	13
10.	Waarde vir maatskaplike werk	13
11.	Begripomskrywing	14
	11.1 Epistemologie	14
	11.2 Konstruktivisme/sosiale konstruktivisme	15
	11.3 Terapeutiese gesprekke	15
	11.4 Realiteit/beskrywing/konstruksie	15
	11.5 Herformulering	15
	11.6 Terapeut-navorser	16
12.	Inhoud van studie	16

HOOFSTUK 2: DIE EPISTEMOLOGIE VAN DIE TERAPEUT-NAVORSER

1. Inleiding 17

2. Konstruktivisme 18

2.1 Sosiale konstruksies en ander verskille 21

3. 'n Konstruktivistiese beskrywing van die terapeutiese proses 24

4. Die terapeutiese gesprek 26

4.1 Die terapeut gebruik die verskillende punktuasies van die gesin in hulle beskrywing van die probleem en neem komplementerende beskrywings in ag 28

4.1.1 Die begin van 'n terapeutiese gesprek 28

4.1.2 Punktuasies in beskrywings 31

4.1.3 Komplementerende beskrywings 32

4.2 In die beskrywing van alternatiewe gebruik die terapeut 'n taal wat die hoop op verandering skep (herformulering) 34

4.3 Die terapeut luister met respek na die gesin, en poog om die gesin se temas aan te hoor, te verstaan en te gebruik 36

4.4 Die terapeut neem, deur vrae te vra waarvan die antwoorde tot verdere vrae aanleiding gee, die verantwoordelikheid op hom om gesprekvoering te fasiliteer wat deelname aan die terapeutiese proses aanmoedig 39

5. Samevatting 42

HOOFSTUK 3: 'N BESKRYWING VAN DIE TERAPEUTIESE PROSES

1.	Inleiding		44
2.	Die gesin		45
	2.1	Genogram	46
	2.2	Agtergrond van die gesin	47
	2.3	Alternatiewe beskrywings van probleem	48
3.	Die betrokkenheid van die terapeut-navorser		50
4.	Die proses waardeur die gesin in die terapeutiese gesprek gegaan het		51
	4.1	Die ontwikkeling van 'n betekenisvolle alternatiewe beskrywing	51
	4.2	Die eerste gesprek	52
	4.3	Die tweede gesprek	55
	4.4	Die derde gesprek	60
	4.5	Opvolggesprekke	66
5.	Bydrae wat betekenisvolle alternatiewe beskrywings tot die terapeutiese proses lewer		67
6.	Samevatting		67
7.	Gevolgtrekking		68
	BIBLIOGRAFIE		70

HOOFSTUK 1

DIE NAVORSINGSPROSES

> *"We practice in order to get a skill, which is then a tool - in which I, unchanged, now have a new tool, that's all. The oriental view is that you practice in order to change yourself. You incorporate the discipline of practice in you, and you come out of the practice as a different sort of person."* (Keeney 1983: 193).

1. Inleiding

In hierdie studie word 'n beskrywing gegee van 'n proses van verandering in 'n terapeutiese gesprek. Ek was deel van die terapeutiese sisteem en dus ook deel van die veranderingsproses. Die beskrywing geskied in die eerste persoon om my betrokkenheid by die proses te illustreer.

> "An I writing or telling about research must always be understood as a participant in a conversation, and hence is a relational I." (Steier 1991: 2).

Die beskrywing is my ervaring van die betrokke gebeure, wat nie noodwendig deur 'n ander beskrywer op dieselfde wyse beskryf sal word nie. Hierdie is my interpretasie en weergawe van die verandering wat tydens die terapeutiese proses plaasgevind het.

2. Motivering vir studie

Verandering in mense en verhoudings is 'n komplekse proses en moeilik om te verstaan. Om dit te beskryf is nog moeiliker en die beskrywing is onlosmaaklik deel van die wyse waarop die skrywer sy wêreld verstaan. Die manier waarop elke

individuele terapeut verandering verstaan en beskryf, bepaal die terapeutiese gesprek tot 'n groot mate.

Die punktuasies wat in die terapeutiese gesprek deur kliënte en terapeute gemaak word, die beskrywings wat gegee word en die vrae wat gevra word, maak alles deel uit van die veranderingsproses.

> "... in so far as the very questions we ask in trying to understand a group or culture create possibilities for change in that group." (Steier 1991: 178).

Die maatskaplike werker word in die beoefening van sy beroep telkens gekonfronteer met situasies waar verandering onmoontlik lyk. Hierdie situasies is gewoonlik dié van gesinne waar hofverrigtinge (statutêre verrigtinge) reeds deel was van die terapeutiese proses, in die hoop dat daar daardeur sekere veranderinge te weeg gebring sou word. Dit geskied egter nie noodwendig nie en die pogings om verandering te bewerkstellig kan dan in 'n jarelange proses ontwikkel, wat die gesin sowel as die terapeut met 'n gevoel van moedeloosheid laat. Die gesin en die terapeut kan vasgevang voel in 'n sekere patroon en die beskrywing daarvan, wat verandering van ongemaklike situasies na 'n onmoontlikheid laat lyk.

Die ontwikkeling van alternatiewe beskrywings vir probleemgedrag kan vir die terapeut en die gesin moontlikhede skep om verandering te weeg te bring. Dit kan vir die terapeut die moontlikheid skep om die gesin te help om los te kom van die geïmobiliseerde gevoel wat as gevolg van sekere situasies ontstaan.

In die terapeutiese gesprekke wat in hierdie studie beskryf is, is verandering onder andere te weeg gebring deur die ontwikkeling van alternatiewe beskrywings vir die

gebeure wat in gesinsverband plaasgevind het. Hierdie proses is op 'n konstruktivistiese benadering gebaseer (Keeney 1983; Von Glasersfeld 1984; Efran, Lukens en Lukens 1988).

3. Teoretiese benadering

Hoe weet 'n persoon wat hy weet en hoe gebeur dit dat hy dink hy weet wat hy weet? Die epistemologiese benadering soek na die antwoorde op hierdie vrae (Bateson 1979: 228; Keeney 1983: 13). Met ander woorde, hoe word konstruksies ontwikkel, oftewel, hoe word realiteite gekonstrueer? Die epistemologie poog om te beskryf hoe persone weet, dink en besluit (Bateson 1979: 228). Epistemologie verwys na 'n stel analitiese en kritiese tegnieke wat die grense vir die proses van kennisversameling definieer (Keeney 1983: 13). In die sosiale domein kom epistemologie neer op die studie van hoe persone of groepe dinge weet en hoe hulle dink hulle weet (Keeney 1983: 13; Rychlak 1990: 15). Soos Auerswald (1985: 1) dit stel, dit is 'n "... a set of immanent rules used in thought by large groups of people to define reality." Die bewuswording van verskille is die eerste stap om agter te kom wat jy dink (Keeney 1983: 18). Die stelling dat 'n persoon eers iets moet verloor voor hy die waarde daarvan besef, is hierop gebaseer. 'n Persoon kan byvoorbeeld dink sy lewenstandaard is baie laag, maar dan verloor hy sy werk en dus sy inkomste, en dit kan hom laat besef dat sy lewenstandaard van vroeër tog nie so laag was nie. Dit is die ervaring van die verskil tussen niks, min en baie wat hom sy persepsie oor standaarde laat ontwikkel.

'n Onderskeid wat in konstruktivisme getref word, is tussen die vermoë en onvermoë van 'n persoon om sy wêreld objektief te beleef. Die uitgangspunt dat persone nie werk met objektiewe feite wat onafhanklik van hulle gekonstrueer is nie, is een van die basiese beginsels van die konstruktivisme, asook die feit dat daar gewerk word met hulle eie, self gekonstrueerde realiteite wat vir hulle betekenis het, en wat voortdurend in verhouding tot ander persone se betekenisse aangepas word (Fisher 1991: 13). In

teenstelling hiermee stel realisme (objektiwiteit) dit dat daar 'n werklike realiteit bestaan wat objektief deur mense ontdek kan word. Hierdie ontdekking bepaal wat mense weet, dit wil sê, die realiteite wat hulle konstrueer (Speed 1991: 396). Efran, Lukens en Lukens (1988: 28) ondersteun hierdie beskrywing:

> "... the images of the objectivist can be thought of as 'discoveries' about the outside world, and the images of the constructivist are more like 'inventions' about what is out there."

Daar word al jare lank oor hierdie onderskeid gedebateer, en die primêre vraag is of daar wel 'n werklike, ware realiteit bestaan wat persone deur noukeurige ondersoek kan vind (onder andere Bogdan 1984: 375-388; Gergen 1985: 266-274; Efran et al. 1988: 27-33; Hoffman 1990: 27-35; Minuchin 1991: 47-52; Speed 1991: 395-409; Flaskas 1992: 145-161).

Konstruktivisme in die terapeutiese proses lok ook kritiek uit. Speed (1991: 395) se belangrikste vraag in die debat is waar die idees wat bepaal wat ons weet, vandaan kom. Flaskas (1992: 159) het etiese besware teen die gebruik van konstruktivisme in terapie. Vir haar is die ervaring van die kliënt van dit waarin die terapeut as die waarheid glo, eties 'n belangrike oorwegingspunt. Vir Minuchin is daar ook etiese besware teen konstruktivisme. Vir hom is terapie nie net die ontwikkeling van nuwe en meer gepaste stories sonder enige waarheid nie.

> "If we want therapy to count, to make any difference, we'd better play it for real." (Minuchin 1991: 50).

In hierdie studie gaan dit oor die bruikbaarheid van sekere benaderings, en nie oor hoe reg of verkeerd benaderings is nie.

> "How can the languages of the various schools become effective resources? What do different theories offer in the way of metaphors, narratives, promises, inducements or influences? We do not ask of Verdi or Mozart whether their operatic arias, duets and choruses are 'true', but whether they can move us to ecstasy, sadness or laughter." (Gergen 1992: 57).

Die bruikbaarheid van konstruktivisme in 'n situasie wat vir een gesin 'n pynlike situasie was, word in die studie ontleed. Enige benadering tot terapie kan deur die terapeut gevolg word solank hy verantwoording van sy insette kan lewer (Fisher 1991: 4). Terapeute kan self op die een of die ander benadering besluit, afhangende van die bruikbaarheid daarvan vir hulle as persoon.

> "Each way of knowing, each bit of knowledge and each skill may be used in practice under certain conditions by certain people with desirable outcomes." (Fisher 1991: 4).

Ten einde verantwoordelikheid te aanvaar vir en verantwoording te doen van dit wat in 'n terapeutiese gesprek onderhandel word, moet 'n terapeut bewus wees van die wyse waarop hy beskrywings maak (sy eie epistemologie).

Vir die doeleindes van hierdie studie het ek 'n konstruktivistiese uitgangspunt gekies.

> "For constructivists, the entire therapeutic venture is fundamentally an exercise in ethics - it involves the inventing, shaping, and reformulating of codes for

living together. In other words, from this point of view, therapy is a dialogue about the interlocking wants, desires, and expectations of all participants, including the therapist." (Efran et al. 1988: 32).

4. Navorsingsbenadering

Kwalitatiewe navorsing met 'n konstruktivistiese denkwyse as basis in die beskrywing daarvan is gedoen. Vir Rubin (1989: 364) is die kwantitatiewe navorsing gefokus op optimale objektiwiteit en die toetsing van die geldigheid van dit wat ons dink ons waarneem. Kwalitatiewe navorsing, daarteenoor, konsentreer meer op die subjektiewe begrip van die dieper betekenisse van menslike ervarings. Mouton en Marais (1989: 164) beskryf die waarnemingsaspekte wat in kwalitatiewe navorsing benut word soos volg:

* Dis subjektief en persoonlik beleef
* Die navorser is by die gebeure betrokke
* Daar is spontane en toevallige voorbeelde
* Dis nie-gestruktureerd
* Gebeure hoef nie vooraf beplan te word nie
* Die konteks word beskryf

Die konstruktivistiese denkwyse oor navorsing skakel by die kwalitatiewe benadering in. In konstruktivisme word terapeute en navorsers gesien as aktiewe konstrueerders van terapeutiese navorsingsrealiteite. Verduidelikings het te make met die maniere waarop terapeute en navorsers spesifieke teorieë en epistemologieë gebruik om hulle observasies te beskryf (Keeney en Morris in Hansen 1985: 99; Reason en Rowan 1981: 239).

Wanneer konstruktivisme in navorsing gebruik word, impliseer dit dat die navorsingsproses self as 'n konstruering van 'n sosiale wêreld gesien moet word, met die navorser by die proses ingesluit eerder as losstaande daarvan.

> "Constructivism in all forms recognizes that we come to know that which we claim to know, as a model that comes to us through other similarly constructed models, and refers not to an independent world 'out there', but to our own constructing processes." (Steier 1991: 1-2).

Navorsing en terapie is 'n aktiewe ondersoek wat ontwerp word met voorgeskrewe punktuasies wat lei tot die konstruksie van 'n ervaringsrealiteit (Keeney en Morris in Hansen 1985: 99). Die terapeut se metode is 'n reeds geformuleerde teoreties georganiseerde kliniese perspektief. Dit is 'n spesifieke manier wat gebruik word om sisteme se strukture te beskou, en mag 'n spesifieke plan van intervensie insluit wat gepaard gaan met tegnieke en strategieë om verandering te weeg te bring (Kantor en Andreozzi in Hansen 1985: 37).

> "So we have to learn to think dialectically, to view reality as a process, always emerging through a self-contradictory development, always becoming, reality is neither subject nor object, it is both wholly independent of me and wholly dependent on me." (Reason and Rowan 1981: 239).

Saam met die bewuswording van die terapeut-navorser se betrokkenheid by die terapeutiese- en navorsingsproses, kom ook die bewuswording van die verantwoordelikheid wat daarmee gepaard gaan. Die terapeut-navorsers moet deurgaans daarvan bewus bly dat die wêreld wat hulle ken deur hulself gekonstrueer is, en hulle kan dit nie losmaak van die sisteme wat hulle gebruik om kennis te versamel nie. Volgens Steier (in Hansen 1985: 30) is die strydvraag nie een van 'n

onbelemmerde objektiewe ondersoeker se bewuswording van punktuasies wat die ondersoekproses lei en sy eie intensies nie. Dit is die bewuswording van die wyse waarop die probleem sosiaal gekonstrueer is.

> "While the objective researcher of yesteryear could ignore the value implications of her research activities, the constructivist is forced to acknowledge her influence on the research situation and her role in co-constructing the reality of her research host." (Ravn in Steier 1991: 97).

In hierdie studie word 'n beskrywing gegee van terapeutiese gesprekke met 'n gesin waar betekenisvolle alternatiewe beskrywings in die terapeutiese proses saam met die gesinslede ontwikkel is. Alternatiewe beskrywings vir hulle situasie is ontwikkel in 'n poging om verandering te weeg te bring in 'n pynlike situasie wat die gesin geïmmobiliseer het.

5. Doel en doelstellings

5.1 Doel

Volgens Keeney en Morris (in Hansen 1985: 99) is die taak van die navorser een van "re-examining what one did to construct a particular therapeutic reality."

Die doel van die studie is om -

1. die terapeutiese proses en my betrokkenheid as terapeut by die veranderingsproses te beskryf; en

2. in die beskrywing die proses te eksploreer waardeur die terapeutiese realiteit, wat moontlik verandering te weeg gebring het, ontwikkel het.

5.2 Doelstellings

Die doelstellings in hierdie verhandeling is om -

5.2.1 'n beskrywing te gee van my teoretiese raamwerk wat die proses gerig het;

5.2.2 'n beskrywing te gee van die terapeutiese proses;

5.2.3 'n beskrywing te gee van die proses waardeur betekenisvolle alternatiewe beskrywings ontwikkel is; en

5.2.4 te beskryf hoe die proses van betekenisvolle alternatiewe beskrywings wat saam met die gesin ontwikkel is, tot die proses van verandering kan bydra.

6. Navorsingsmetode

Die navorsingsmetode is die beskrywing van die proses in die terapeutiese gesprek aan die hand van 'n gevallestudie. Volgens Pinsof (in Wynne 1988: 160) is die prosesnavorsing "the study of the interaction between the patient and therapist systems. The goal of process research is to identify the change processes in the interaction between the systems." Hierdie beskrywing van die proses word gekoppel aan die uitkoms van die terapeutiese proses na 'n intervensie.

Volgens Steier (in Hansen 1985: 30-31) is daar drie kriteria wat in ag geneem moet word wanneer verbande getrek word tussen die intervensie en die uitkoms van gesinsterapie, naamlik:

1. Die bestudering van die proses van verandering in gesinne, eerder as voor- en na-toetse van behandeling.
2. 'n Sensitiwiteit vir die moontlikheid dat die verandering tot gevolg kan hê dat die probleemsituasie bloot deur 'n ander simptoom vervang word.
3. Die bestudering van die proses van verandering in die gesin as 'n interaksionele sisteem.

Daar is 'n verskil tussen: 1) navorsing waar die navorser die proses van verandering in ooreenstemming met die sisteem bestudeer en,
2) navorsing waar veranderlikes (wat op verandering dui), geïdentifiseer word, en die navorser poog om die veranderlikes sodanig saam te voeg dat die kompleksiteite van die gesin herskep word.
Die eerste benadering gee ruimte aan die bestudering van die veranderingsproses in die gesin vanuit 'n simboliese perspektief, dit wil sê, 'n sisteem wat betekenisse skep; asook vanuit 'n transaksionele perspektief. Dit skep ook ruimte vir die erkenning van die sisteem as outonoom, wat beteken dat hy sy eie rigting bepaal (Steier in Hansen 1985: 31-32).

Die erkenning van die outonomiteit laat toe dat die terapeut-navorser 'n benadering volg wat baie meer fokus op die wederkerige verhoudings in die terapeutiese konteks in terme van daardie spesifieke konteks (Steier in Hansen 1985: 32).

> "Therapy is not seen as something that stands apart from its subjects (i.e. families, family therapists, change and process) nor as an isolated or isolatable entity. Instead, it is viewed as an interactive process set in motion by the systemic inter-relations of several co-influencing elements." (Kantor en Andreozzi in Hansen 1985: 37).

In hierdie studie word daar 'n beskrywing gegee van die interaksieproses tydens die terapeutiese gesprekke (Pinsof 1988: 167) aan die hand van 'n gevallestudie. 'n

Gevallestudie is 'n intensiewe ondersoek van 'n enkele eenheid (Gilgun 1994: 371). Daar word gefokus op die proses van ontwikkeling van betekenisvolle alternatiewe beskrywings saam met die gesin van die probleemgedrag wat verandering te weeg gebring het. Die wederkerige verhoudings tussen die terapeut-navorser en die gesin in 'n spesifieke konteks word in ag geneem in die beskrywing van die interaksieproses en die gesamentlike ontwikkeling van 'n alternatiewe beskrywing.

7. Data-insameling

In hierdie studie word 'n beskrywing gegee van ses terapeutiese gesprekke met een gesin. Die eerste vier onderhoude het tussen Januarie en April plaasgevind. Die twee opvolg-gesprekke was in Junie en September. Die onderhoude is by die Universiteit van Suid- Afrika gevoer en elkeen het tussen sestig en negentig minute geduur. Die onderhoude is gevoer in twee aangrensende vertrekke met 'n eenrigting venster tussenin. Video-opnames is met die gesin se toestemming van al die onderhoude gemaak. Die videobande is ontleed aan die hand van vier kategorieë wat gebaseer is op Anderson en Goolishian (1988: 371-393) se uiteensetting van die algemene interafhanklike elemente wat sentraal is tot 'n terapeutiese gesprek.

1. Die terapeut gebruik die verskillende punktuasies van die gesin in hulle beskrywing van die probleem en neem komplementerende beskrywings in ag. **(Punktuasie/komplementering.)**

2. In die beskrywing van alternatiewe realiteite gebruik die terapeut 'n taal wat die hoop op verandering skep. **(Herformulering.)**

3. Die terapeut luister met respek na die gesin, en poog om die gesin se temas aan te hoor, te verstaan en te gebruik. **(Taal.)**

4. Die terapeut neem, deur vrae te vra waarvan die antwoorde tot verdere vrae aanleiding gee, die verantwoordelikheid op hom om gesprekvoering te fasiliteer wat deelname aan die terapeutiese proses aanmoedig. **(Deelname/vrae wat aanleiding gee tot verdere vrae.)** (Sien hoofstuk 2.)

Lêerinhoud is bestudeer om die verskillende beskrywings van die probleemgedrag wat sedert 1989 (eerste aanmelding) deur verskillende professionele persone aan die gesin gegee is, uit te lig. Ek, as die terapeut-navorser, was sedert die eerste aanmelding in 1989 by die gesin betrokke. Die terapeutiese gesprekke wat in hierdie studie beskryf word, het gedurende 1993 plaasgevind.

8. Deelnemers aan die terapeutiese proses

Die deelnemers aan die terapeutiese proses was die volgende:

8.1 Die gesin

Die gesin bestaan uit 'n pa met vier kinders; twee seuns en twee dogters. Die moeder is in 1992 oorlede. Die vader is in 1993 weer getroud. Die pa en sy jongste dogter se verhouding, wat deur konflik gekenmerk is, was die fokuspunt van die terapeutiese gesprekke. Die twee broers en die stiefma het ingeskakel soos hulle dit nodig gevind het.

8.2 Die span

Die span het bestaan uit 'n sielkundige/maatskaplike werker, twee maatskaplike werkers en die terapeut-navorser (ekself). Die onderhoude is in die loop van my nagraadse opleiding by die Universiteit van Suid-Afrika gevoer.

Tydens die onderhoude het 'n interkomtelefoon interaksie tussen my, die span en die gesin moontlik gemaak. Die span was deel van die terapeutiese sisteem en het aktief aan die ontwikkeling van alternatiewe beskrywings deelgeneem.

9. Beperkings

Hierdie beskrywing is 'n subjektiewe weergawe van my belewenis, as terapeut-navorser, van die terapeutiese gesprekke. Iemand anders sou dieselfde proses anders kon beleef en beskryf het.

Daar is in hierdie studie gefokus op die konstruksie, saam met die gesin, van betekenisvolle alternatiewe beskrywings wat daartoe bygedrae het dat hulle hulle onderlinge verhoudings met minder pynlike kontak kon voortsit. In die terapeutiese gesprek kan ander konsepte ook geïdentifiseer en moontlik beskryf word. Met konstruktivisme as my basis, was my punktuasie van die proses die ontwikkeling van betekenisvolle alternatiewe realiteite ten einde die gesin weer te mobiliseer. 'n Ander terapeut-navorser sou moontlik in die terapeutiese gesprekke op 'n ander konsep, byvoorbeeld stabiliteit teenoor verandering, gefokus en dit beskryf het, of ander alternatiewe realiteite ontwikkel het.

Hierdie studie is dus 'n subjektiewe beskrywing, met beperkte fokuspunte, van 'n terapeutiese proses.

10. Waarde vir maatskaplike werk

In die beoefening van hul beroep het maatskaplike werkers voortdurend te doen met mense in pynlike en ongemaklike situasies. Persone wat ongemak in verhoudings beleef, nader terapeute in die hoop dat veranderings moontlik sal wees. Die ongemak word soms in statiese terme beskryf wat min moontlikhede vir verandering laat. Dit

kan 'n gevoel van wanhoop en moedeloosheid by die terapeut en gesin skep wat beide se motivering om verandering te weeg te bring, ondermyn. By die maatskaplike werkers wat deurlopend blootgestel word aan dieselfde probleemgedrag waar geen verandering gesien kan word nie, kan uitbranding en verveling intree.

In hierdie studie is daar gepoog om 'n beskrywing te gee van die proses waardeur betekenisvolle alternatiewe beskrywings saam met die gesin ontwikkel is om verandering te weeg te bring. In die beskrywing van die terapeutiese gesprekke met 'n gesin wat geïmobiliseerd voel in 'n pynlike situasie, mag maatskaplike werkers dalk die moontlikhede sien van 'n alternatiewe beskrywing wat mobilisering en verandering kan bewerkstellig.

Aangesien 'n betekenisvolle alternatiewe beskrywing altyd saam met die gesin ontwikkel word, bly dit vir die terapeut 'n uitdaging om saam met elke gesin 'n beskrywing te ontwikkel wat vir hulle as gesin betekenisvol kan wees.

11. Begripomskrywings

11.1 Epistemologie

Epistemologie verwys na die beskrywing van hoe mense kennis versamel. Dit wil sê wat mense weet, wat hulle dink hulle weet, en hoe hulle dit wat hulle weet of dink hulle weet, te wete kom (Bateson 1979: 228; Keeney 1983: 13).

'n Persoon se epistemologie bepaal sy optrede in verhoudings en in 'n terapeutiese konteks. Dit is nodig om 'n mens se eie epistemologie te verstaan en onderlinge verskille in ag te neem in die fasilitering van terapeutiese gesprekke en die ontwikkeling van alternatiewe beskrywings.

11.2 Konstruktivisme/sosiale konstruktivisme

Konstruktivisme fokus op die ontwikkeling van persone se realiteite. Die vertrekpunt van die konstruktivisme is dat realiteite deur persone self gekonstrueer word na aanleiding van ervarings en dan tree hulle daarvolgens op. Kennis reflekteer gevolglik nie 'n objektiewe realiteit nie, maar wel persoonlike ervarings van 'n spesifieke konteks (Von Glaserfeld 1984: 19).

Sosiale konstruktivisme fokus op die ontwikkeling van realiteite in die spesifieke konteks waarin persone leef. " The terms in which the world is understood are social artifacts, products of historically situated interchange among people." (Gergen 1985: 267).

11.3 Terapeutiese gesprekke

Die onderhoude wat met die gesin gevoer is, word in hierdie studie as terapeutiese gesprekke beskryf. Terapeutiese gesprekke is gesprekke wat plaasvind in 'n konteks waar terapeutiese insette verwag word in 'n sisteem wat 'n probleem definieer en ondervind (sien ook hoofstuk 2).

11.4 Realiteit/beskrywing/konstruksie

Vir die doeleindes van hierdie studie is die terme realiteit, beskrywing en konstruksie as sinonieme beskou.

11.5 Herformulering

Herformulering verwys na die ontwikkeling van 'n betekenisvolle alternatiewe beskrywing. Herformulering moet altyd betekenisvol wees vir die gesin, met

ander woorde, die beskrywing moet in hulle eie taal geformuleer word en aansluit by hulle punktuasie van die probleem. Dit moet ook altyd saam met hulle ontwikkel word (sien hoofstuk 2).

11.6 Terapeut-navorser

Die term terapeut-navorser word gebruik in die beskrywing van my twee rolle as die beskrywer, naamlik diè van navorser en terapeut.

12. Inhoud van studie

In hierdie studie word daar 'n beskrywing gegee van:

1. Die epistemologie van die terapeut-navorser.

2. 'n Beskrywing van die terapeutiese proses met die fokus op die ontwikkeling van betekenisvolle alternatiewe beskrywings in terapeutiese gesprekke, ten einde verandering te bewerkstellig.

HOOFSTUK 2

DIE EPISTEMOLOGIE VAN DIE TERAPEUT-NAVORSER

"If it isn't true, it's well invented."
(Watzlawick 1976: 28).

1. Inleiding

'n Konstruktivistiese benadering is in die terapeutiese proses en ook in die beskrywing van my indrukke van hierdie proses gebruik. Die bronne wat aangehaal word en ook die aanhalings in die studie was betekenisvol vir die ontwikkeling van my epistemologie.

> "The story I tell in these chapters is necessarily my story, grounded in my intuitions, influenced by my reading of writers in whom I have delighted and on whose ideas I have drawn, and woven in with the texture of my life experience. I have fashioned a myth which I hope provides a vision of a participatory consciousness which helps collaborative researchers map their way through the territory. But as you read it, please remember that the map is not the territory and that to fashion a myth is not to state a positivist truth." (Reason 1994: 16).

Daar word nie aanspraak gemaak op die 'ware' beskrywing van 'n realiteit nie, maar slegs my punktuasie van 'n proses van interaksie en verandering in terapeutiese gesprekke.

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na:

1. 'n Beskrywing van konstruktivisme.
2. 'n Konstruktivistiese beskrywing van 'n terapeutiese proses.
3. Die terapeutiese gesprekke wat op konstruktivisme gebaseer is.

2. Konstruktivisme

Konstruktivisme impliseer dat elke individu sy eie kennis (realiteite) konstrueer. Hierdie kennis is betekenisvol en bruikbaar, afhangende van die konteks waarin dit gebruik word (Gergen 1985: 268; Jones 1986: 59; Efran et al. 1988: 28-29; Fisher 1991: 8; Gergen 1992: 57).

'n Rolprent wat hierdie sienswyse uitbeeld, is Jamie Uys (1981) se komedie "The Gods must be crazy ". 'n Boesman, N!Xau, speel een van die hoofrolle. Die film is gebaseer op sy ervaring van sy eie sowel as van 'n ander kultuur. Hy vind dit nodig om uit sy bekende omgewing, die Kalahari, te beweeg om die 'einde van die wêreld' te vind. Hy moet die 'einde van die wêreld' vind aangesien die 'gode' 'n 'bose ding' aan hulle gegee het, naamlik 'n leë koeldrankbottel wat by 'n vliegtuig se venster uitgegooi is. Die bottel, iets wat aan die Boesmangemeenskap totaal onbekend is, beteken vir hulle baie meer as wat 'n doodgewone leë bottel vir ons beteken. Dit word op talle verskillende maniere in hulle daaglikse lewe benut. Daar ontstaan onmin in die gemeenskap oor die eienaarskap en dus word dit as 'n 'bose ding' ervaar. In sy soeke na die einde van die wêreld kom N!Xau in aanraking met mense wat fisies groter as hy is, wat 'n ander taal praat, en wat totaal anders lewe (motors, klere, gewere en dies meer). Volgens hom is hierdie mense die "heavy people" wat ongeletterd en ongemanierd is. Hy verstaan nie die speletjies wat hulle speel nie (lewenswyse). Een persoon verstaan sy taal, maar nie

die betekenis van die 'bose ding' nie. Die woorde word dus verstaan maar nie die betekenis nie. Die humor van die rolprent is gebaseer op die verskil in twee kulture se persepsies van die natuur en die lewe.

Wat die rolprent duidelik uitbeeld, is dat kennis verkry word deur interaksie met die omgewing en dat dit spesifiek gerig is op 'n konteks. Die konstruering van kennis (realiteite) is dus 'n proses wat plaasvind deur middel van interaksie met 'n mens self (Gergen 1992: 57) en met die omgewing. Tydens interaksie met die omgewing word waarnemings gemaak en geklassifiseer na aanleiding van die betekenis wat daaraan toegeken word (Bateson 1979: 37; Von Glaserfeld 1984: 19; Jones 1986: 59; Fisher 1991: 35; Gergen 1991: 28; Gergen 1992: 52; Dean 1993: 126).

Bogdan beskryf hierdie proses soos volg:

> "Any frequently used idea becomes an unconscious habit of sorts. When we encounter an unfamiliar situation, we first try to assimilate it to our received store of ideas. When that is unsuccessful, we explore the situation by means of trial and error. However, once we have arrived at a solution that seems to work, to continue to use trial and error in similar situations in not economical. We develop the habit, in other words, of not examining our most frequently used generalizations each time we use them. That frees us to use the process of trial and error to explore other parts of our environment." (Bogdan 1984: 386).

In die rolprent word daar duidelik uitgebeeld hoe verskillende lede van die Boesman-gemeenskap verskillende betekenisse heg aan die bottel, na aanleiding van vorige ervarings, en die bottel dus op verskillende maniere benut. Dit het egter geen waarde vir die persoon in die vliegtuig nie. Vir hom dien dit geen doel meer nie, aangesien dit leeg is. Die 'realiteit' wat in die Boesmangemeenskap geskep word, is egter dat dit 'n

'bose ding' is wat deur die gode aan hulle gegee is. In hierdie proses van konstruering vergeet ons dat ons self die persepsies konstrueer. Ons sien dit as ekstern en 'n eienskap van dit wat gekonstrueer word.

Dat ons aktief deel het aan die proses van die konstruering van ons realiteite is 'n fundamentele waarheid in die konstruktivisme. Von Glaserfeld (1984: 19) vergelyk dit met boublokkies. Wat ons ervaar, konstrueer en weet, is onafwendbaar gebou met ons eie boublokkies en kan op geen ander manier beskryf word as deur ons eie manier van bou nie.

Die wyse waarop ons hierdie blokkies saamvoeg, die blokkies wat ons gebruik en dié wat ons weglaat, is gekoppel aan die betekenis wat ons daaraan heg. Die betekenis wat ons daaraan heg, is op sy beurt gekoppel aan die interaksie wat ons met ons omgewing, die konteks waarin ons leef, ervaar. En hoe ons dit beskryf en daarop reageer, is 'n weerspieëling van hoe ons dit self gebou het, en nie van 'n model wat reeds gebou is nie (Von Glaserfeld 1984; Efran et al. 1988; Fisher 1991).

Die betekenis wat in interaksie aan ervarings gekoppel word, is dus 'n belangrike fokus en vertrekpunt vir 'n konstruktivistiese denkwyse. Fisher (1991: 35) stel dit soos volg:

> "Construing is the process of giving meaning to events. We do not simply register an event according to a parasent that corresponds one-to-one with characteristics that exist independently in the stimulus event. Rather, we use emotional-cognitive processes to bring forth our experiences."

Daar was en is nog steeds baie emosies en verskillende konnotasies gekoppel aan die verandering van Suid-Afrika se volkslied, landsvlag en plekname. Dit gaan hier nie net oor die verandering van 'n lied, ontwerp of naam nie, maar oor dit wat hierdie

verandering simboliseer. Kultuur, tradisie, politieke oortuigings ensovoorts word alles gebruik in die klassifikasie van dit wat verander. Om 'n simbool soos die volkslied te verander, kan 'n uiters sensitiewe saak wees waarby heelwat meer in ag geneem moet word as blote bladmusiek. Almal wat aan die debat deelneem, gee 'n deel van hulle ervarings oor die apartheidsera weer. Indien hierdie ervarings en simbole uit die konteks van Suid-Afrika verwyder word, het hulle nie meer dieselfde betekenis nie. Plaas hulle in 'n ander konteks, byvoorbeeld in Japan, en hulle beteken heeltemal iets anders (Efran et al. 1988: 28).

> "When we become aware of this multiplicity, we begin to see that each ethnic community, and each political group, and each economic class has its own perspective, frames the world in its own terms; truth itself becomes a questionable word." (Gergen 1992: 52).

2.1 Sosiale konstruksies en ander verskille

In die literatuur word daar 'n onderskeid gemaak tussen konstruktivisme en sosiale konstruktivisme (Dean 1993; Hoffman 1990; Gergen 1985). Die konstruktivistiese denkwyse fokus op die proses waartydens persone realiteite ontwikkel uit die waarnemings wat hulle gemaak het. Die basis hiervan is biologies/organies, byvoorbeeld die funksionering van die brein (Bateson 1979; Von Glaserfeld 1984; Maturana en Varela 1987).

Volgens Dean (1993: 128) stem sosiale konstruktivisme ooreen met konstruktivisme wat handel oor die proses van die ontwikkeling van realiteite, maar dit plaas meer fokus op die sosiale aspekte (konteks) in die ontwikkeling van realiteite. Hoffman (1990: 2) maak ook die stelling dat dit wat ons oor die wêreld glo opgebou is uit sosiale persepsies. Beide skrywers haal Gergen (1985) aan in hulle motiverings van die verskille tussen die twee dissiplines.

Volgens Gergen (1985: 266) beskou sosiale konstruktivisme "discourse about the world not as a reflection or map of the world but as an artefact of communal interchange." Beskrywings moet dus verstaan word binne die konteks waarin hulle aangebied word.

In die era waarin ons leef, is die konteks of fisiese omgewing nie meer so streng afgebaken nie. Die nuutste tegnologie, onder meer rekenaars, telefone, televisie en vliegtuie, maak dit vir mense moontlik om oor groot afstande in die bestek van 'n kort tyd met mekaar in aanraking te kom (O'Hara en Anderson 1991: 19-25; Doherty 1991: 37-42). Ons sien visuele beelde van droogte, hongersnood en oorlog op televisie. In dié proses word ons blootgestel aan talle persepsies van regdeur die wêreld, "worldviews to suit every taste" (O'Hara en Anderson 1991: 20).

'n Ander onderskeid wat in die literatuur gemaak word, is tussen konstruktivisme, solopsisme en relativisme (Keeney 1983; Atkinson en Heath 1987; Efran et al: 1988; Fisher 1991; O'Hara en Anderson 1991).

Solopsisme is die siening dat ons wêreld totaal en al bestaan uit gedagtes. Daar bestaan dus geen eksterne wêreld onafhanklik van ons eie gedagtes nie. Konstruktivisme stel dit dat die wêreld van ervaring nie totaal en al versin is nie en dat dit ook nie totaal en al los staan van die waarnemer se aktiwiteite en konteks nie (Atkinson en Heath 1987: 9).

Bostaande is in teenstelling met Speed (1991: 396) se opvatting van konstruktivisme. Sy stel solopsisme en relativisme gelyk aan konstruktivisme en sosiale konstruktivisme. Keeney (1983: 49-50) stel die verskil soos volg:

> "The notion that an external world lineally acts upon our sensorium in order to shape the description of representations is incomplete. Similarly, it is a partial view to see the entire world as made up by our prescription for construction. Such a belief, called solopsism, is a reverse punctuation of the previous lineal view. It is therefore as lineal and incomplete as the traditional perspective of an objective universe."

Relativisme het die uitgangspunt dat alles aanvaarbaar is, aangesien alle realiteite in elk geval gekonstrueer word. In hierdie sienswyse word een belangrike aspek nie in ag geneem nie - ons leef nie alleen in 'n wêreld nie. Realiteite word in interaksie met die omgewing gevorm, en hierdie realiteit wat saam ontwikkel word, is so werklik soos enige ander. "Try turning your kitchen table into something else - let's say, a living room sofa - through simple word magic. No matter how hard you try to 'language' your table differently, it remains a table." (Efran et al. 1988: 33). Die konteks of verband waarin die realiteit ontwikkel is en die betekenis wat in daardie spesifieke konteks daaraan geheg word, moet dus in ag geneem word. Konstruktivime laat toe dat ons meer as een realiteit in ag neem en waardig ag, maar dit stel nie voor dat alle realiteite, byvoorbeeld moord en molestering, aanvaarbaar is nie (Fisher 1991: 4; O'Hara en Anderson 1991: 25). Konstruktivisme voorsien net die moontlikheid om ander persone se ervarings, gedrag en keuses waardig te ag, ongeag of dit van 'n mens se eie verskil, al dan nie (Fisher 1991: 4).

Konstruktivisme was vir my bruikbaar in die beskrywing van hierdie studie. Daar is by ander benaderings begrippe 'geleen' aangesien dit vir my betekenisvol was in my begrip van konstruktivisme, onder meer die teorie van persoonlike konstruksie (Rychlak 1990: 7-19), die nuwe era-benadering (post modern) (O'Hara en Anderson 1991: 19-25; Gergen 1992: 50-57), 'co-constructivism' (Speed 1991: 395-409), 'competence theory' (Waters en Lawrence 1993: 53-

58). Vir die doeleindes van hierdie beskrywing is daar nie 'n onderskeid getref tussen sosiale konstruktivisme en konstruktivisme nie. Die term konstruktivisme sluit dus sosiale konstruktivisme in.

3. 'n Konstruktivistiese beskrywing van die terapeutiese proses

Konstruktivisme is 'n manier om oor mense, gebeure en probleme te dink en hulle te beskryf. Dit veronderstel dat ons oor die vermoë beskik om gebeure, ons self en ander mense op verskillende maniere te verstaan (Fisher 1991: 11). Die realiteite word gevorm deur interaksie met 'n mens self en die omgewing, en die betekenisse word onderhandel in die sosiale konteks waarin 'n mens leef, soos reeds bespreek.

Die manier waarop die betekenisse en begrip tussen mense onderhandel word, speel 'n belangrike rol in interaksie. Dit vorm 'n intergrale deel van hoe mense in verhouding tree tot mekaar (Gergen 1985: 268). Persone tree op na aanleiding van hoe hulle die situasie definieer waarin hulle hulle bevind. Hierdie definisies word ontwikkel deur die veralgemening van herhaalde interaksie met ander en die betekenisse wat daaraan geheg word (Bogdan 1984: 386-387).

Die voorafgaande is die grootste waarde van konstruktivisme in terapie. Indien begrip en betekenisse 'n voordurende onderhandelingsproses tussen mense is, soos reeds bespreek, kan 'n terapeutiese gesprek veral waarde hê vir 'n persoon wat hom in 'n vreemde, pynlike, onmoontlike of onveranderbare situasie bevind. Efran (1991: 51) noem dit "situations that seem 'objectively' hopeless." Met konstruktivisme word 'n "as if" beskrywing van 'n realiteit gegee (Nichols 1990: 81), wat beteken dat hanteringsmoontlikhede vermeerder deur die konstruering van alternatiewe beskrywings, wat moontlikhede vir verandering skep.

Indien betekenisse voordurend in interaksie met mense gevorm en aangepas word, kan daar in die terapeutiese gesprek op hierdie aspek gefokus word. In die eksplorasie van alternatiewe betekenisse kan nuwe temas ontwikkel word wat moontlikhede skep om op 'n ander wyse in verhouding tot mekaar te tree. "Therapy relies on the infinite resources of the 'not-yet-said' in the narratives around which we organize ourselves in our conduct with each other." (Anderson en Goolishian 1988: 381). Die 'not-yet-said' kan as 'n bron vir verandering dien en is die basis vir alternatiewe beskrywings. In die terapeutiese gesprek kan die terapeut en die gesin realiteite, wat nie voorheen beskryf is nie, verbaliseer of verwoord. Nuwe betekenisse word in hierdie proses ondersoek en ontwikkel en dit kan verandering moontlik maak (Green en Brown-Standridge 1989: 101; Anderson en Goolishian 1988: 381).

Terapie neem die vorm aan van gesprekvoering tussen mense en die bevindinge van die gesprek het geen ander 'realiteit' as dit waaroor ooreen gekom is nie. 'Diagnose' in terapie is dus 'n realiteit waaroor die terapeut en die gesin in hul gesprekke ooreengekom het. Hoffmann (1990: 3) stel voor dat dit bruikbaar is vir terapeute om te dink aan probleme as stories wat mense ooreengekom het om aan mekaar te vertel. Mense maak sin uit die lewe na aanleiding van hierdie stories waaroor hulle in verhoudings ooreengekom het (Nichols 1990: 81). 'n 'Diagnose' in terapie kan 'n verrykende invloed hê op die manier waarop mense daarna in verhouding tot mekaar tree. 'n Beskrywing van 'dom', 'afhanklik', 'aggressief' en dies meer kan die basis vorm van hoe mense in verhouding tot mekaar tree. Dit is egter nie net in terapeutiese gesprekke dat beskrywings of stories ontwikkel word nie, maar van 'n persoon se geboorte af. 'n Persoon se beskrywing van sy lewenservarings word sy 'storie'. Combrinck-Graham (1990: 89) stel dit soos volg: "Often these stories take the form of scripts that guide an individual or family's life and explain the past. Using a story line assists one in making meaning, connecting events and experiences." Die wêreld soos die persoon of gesin dit beleef, vorm die konteks en inhoud van die storie (Viney 1990: 439; Penn 1991: 43).

Terapie word dan die oorvertel of 're-storying' van lewenservarings in 'n bepaalde terapeutiese konteks (Nichols 1990: 81; Doherty 1991: 38; Viney 1990: 438-439). Geen enkele storie kan al die ervarings in mense se verhoudings saamvat nie (Wilkinson 1992: 199; Zimmerman en Dickerson 1994). Om hierdie rede is daar, soos reeds deur Anderson en Goolishian (1988) genoem, altyd ervarings wat nog nie beskryf is nie. Binne elke verhouding word 'n ander storie saamgestel wat in daardie spesifieke verhouding betekenis het.

Alle betekenisse en interpretasies is inherent onderhandelbaar en tentatief (Anderson en Goolishian 1988: 381; Viney 1990: 439). Daar is geen vaste, statiese betekenisse wat in gesprekvoering oorgedra word nie. Alle partye in die gesprek kom uit verskillende beleweniswêrelde en is voortdurend besig om betekenisse in hierdie wêreld aan te pas tydens die proses van interaksie (Anderson en Goolishian 1988: 381).

> "Our relational reality is fragile, 'soft' man-made, time- and context-dependent, in flux and a product of a constantly developing (or stagnating) dialogue among those involved." (Stierlin 1983: 421).

Hierdie interaksieproses, oftewel die gesprekvoering, word volgens Inger (1993: 312) gesien as die hart van sosiale konstruktivisme in die proses van 'genesing'. "The healing occurs during the process of searching for meaning, not in the answer." (Doherty 1991: 42).

4. Die terapeutiese gesprek

Vanuit die konstruktivistiese benadering word die terapeutiese gesprek gesien as die herkonstruering van 'n storie deur die terapeut en die gesin en dus 'n gesamentlike soeke en eksplorasie deur dialoog waar nuwe betekenisse voortdurend gevorm word in

'n poging om die probleem op te los (Anderson en Goolishian 1988: 372). Die terapeutiese gesprek is gebaseer op 'n evolusionêre proses waarin betekenisse in 'n aaneenlopende interaksieproses tussen die idees van die terapeut en die idees van die gesin gevorm word.

Hierdie betekenisse is nie geïnternaliseer en staties nie, maar maak deel uit van die gesprekvoeringsproses wat voortdurend plaasvind (Anderson en Goolishian 1988: 381; Hoffmann 1990: 3; Nichols 1990: 81; Viney 1990: 439; Doherty 1991: 81; Inger 1993: 301).

Anderson en Goolishian (1988: 382-383) gee die volgende as algemene interafhanklike elemente wat sentraal is tot die terapeutiese gesprek:

* Die terapeut begin by die beskrywing van die probleem soos deur die kliënt bespreek.
* Die terapeut is oop vir meervoudige en teenstrydige beskrywings soos deur die betrokke persone weergegee. Die terapeut besluit nie op 'n 'ware' weergawe nie, maar neem alle beskrywings in ag.
* Die terapeut gebruik 'n taal wat hoop op verandering bied.
* Die terapeut moet die gesin se temas verstaan en hulle in gesprekvoering in die terapeutiese proses gebruik.
* Die terapeut luister met respek na die gesin se beskrywings.
* Die terapeut vra vrae waarvan die antwoorde tot verdere vrae aanleiding gee.

* Die terapeut neem die verantwoordelikheid om 'n konteks vir gesprekvoering te skep wat deelname aan die terapeutiese proses aanmoedig.
* Die terapeut ontwikkel die vermoë om komplementerende beskrywings in ag te neem.

Hierdie agt punte oorvleuel telkens en kan nie waterdig van mekaar geskei word nie. Vir die doel van hierdie studie is hulle in vier kategorieë verdeel.

* Die terapeut gebruik die verskillende punktuasies van die gesin in hulle beskrywing van die probleem en neem komplementerende beskrywings in ag.
* In die beskrywing van alternatiewe realiteite gebruik die terapeut 'n taal wat die hoop op verandering skep.
* Die terapeut luister met respek na die gesin, en poog om die gesin se temas aan te hoor, te verstaan en te gebruik.
* Die terapeut neem, deur vrae te vra waarvan die antwoorde tot verdere vrae aanleiding gee, die verantwoordelikheid op hom om gesprekvoering te fasiliteer wat deelname aan die terapeutiese proses aanmoedig.

4.1 Die terapeut gebruik die verskillende punktuasies van die gesin in hulle beskrywing van die probleem en neem komplementerende beskrywings in ag.

4.1.1 Die begin van 'n terapeutiese gesprek.

Nuwe betekenisse word gevorm rondom die inhoud wat die kliënt beskryf (Anderson en Goolishian 1988: 382). Vir

Auerswald (1987: 318) is hierdie 'n dilemma in die terapeutiese proses. "The distress in specific instances that emerge in homes and on the streets or roads of communities, and the definitions that emerge in professional offices, more often than not differ dramatically."

Hy beskryf 'n voorbeeld waar 'n kind tuis en by die skool probleme ondervind. Die gesin beskryf die kind as (1) **ongehoorsaam** en meld (2) **swak vordering op skool.** Die onderwyseres stem saam met die beskrywing maar voeg by dat die kind se gedrag (3) **ontwrigtend** is en verwys hom na die skool se voorligtingsielkundige. Sy lees die skoolverslae, tree in gesprek met die kind en sy moeder en voeg by die bestaande beskrywing 'n moontlikheid van (4) **disleksie**. Sy verwys hom met die diagnose na 'n kinderpsigiater wat diagnoseer dat hy 'n (5) **gedragsafwyking** het. Hy verwys die kind na 'n sielkundige vir toetsing. Twee ander beskrywings word bygevoeg, naamlik (6) **grenslynintelligensie** en (7) **moontlike vroeë skisofrenie**.

Die psigiater bespreek die beskrywings met die moeder en verwys die gesin na 'n kliniese sielkundige, wat haarself as 'n sistemiese gesinsterapeut beskou. Haar belangstelling is in disleksie en dit is die beskrywing waarop sy fokus. Sy verwys die kind vir neurologiese toetse na 'n neuroloog wat disleksie bevestig. Die sielkundige beskryf die probleem in hierdie terme aan die gesin en begin 'n proses van gesinsterapie in samewerking met 'n remediërende spesialis. Na ses maande het die kind se vordering op skool en sy verhouding met sy moeder verbeter. In die gesinsterapie word daar selde na disleksia

verwys en die terapeut voel dat die gesin, ten spyte van haar vroëre verduideliking, die omvang van disleksie nie begryp nie (Auerswald 1987).

Uit dié voorbeeld blyk dit duidelik dat die beskrywings wat die gesin in die terapeutiese konteks inbring nie noodwendig deur terapeute benut word nie. Soms word die nuwe beskrywings slegs deur die terapeut ontwikkel na aanleiding van haar epistemologie en spesialiteitsveld, hetsy psigiatrie, sielkunde, gesinsterapie, opvoedkunde of 'n ander dissipline. Die beskrywings (diagnose) in die terapeutiese gesprek oor die probleem geskied dus na aanleiding van die terapeut se beskouing oor mense en verhoudings (Auerswald 1987).

Met konstruktivisme as basis in die terapeutiese gesprek word 'diagnose' 'n voortdurende gesprek met alle persone wat die bekommernis deel. Beskrywing kan nie as 'n statiese eienskap gesien word nie, maar as 'n veranderbare storie met verskillende betekenisse wat onderhandel kan word.

> "The conversations that we engage in, as we struggle to live in agreement with each other, are like fairy tales and stories. They are capable of infinite revision and reinterpretation. Problems, in this linguistic metaphor, can be thought of as 'lumps of meaning in a batter' whose consistency is always changing through dialogue." (Anderson en Goolishian 1988: 387).

4.1.2 Punktuasies in beskrywings

Die besluit oor waar in 'n interaksieproses met 'n beskrywing te begin, word punktuasie genoem. In die terapeutiese gesprek word daar deurlopend keuses gemaak oor watter punktuasie vir 'n beskrywing gebruik gaan word.

> "Virtually every maladaptive response also contains seeds of healthy striving, and we can amplify either one." (Waters en Lawrence 1993: 55).

In die proses van verkryging van verskillende uiteenlopende beskrywings by elke lid van die gesin, demonstreer die terapeut dat veelvoudige beskrywings moontlik, geldig en belangrik is. Verskillende temas word ook in hierdie proses verkry. Hierdeur word die idee geskep dat daar geen 'regte' beskrywing van die situasie en die betekenis wat daaraan geheg word, is nie (Dean 1993: 137). Die verskillende idees wat die partye in die gesin omtrent mekaar het, moet in ag geneem word. Die beskrywings van die verskillende partye verskaf alternatiewe waarmee temas ontwikkel kan word om verbintenisse tussen die verskillende persone in die sisteem te vind (Eron en Lund 1989: 65). In die verbalisering van verskillende idees word die kompleksiteit van verhoudings geïllustreer.

> "Exposure to these articulations expands the view of relationships for those who experience it." (Inger 1993: 309).

Daar word volgens Anderson en Goolishian (1988: 382) nie kant gekies in die terapeutiese gesprek nie. So ver moontlik word almal se idees, menings en beskrywings ernstig opgeneem en daar word aandagtig daarna geluister. Cecchin (1987: 406) noem dit neutraliteit.

> "I propose that we describe neutrality as the creation of a state of curiosity in the mind of a therapist. Curiosity leads to exploration and invention of alternative views and moves, and different moves and views breed curiosity."

Om neutraal te wees, beteken nie om onbetrokke en afsydig te wees nie. Neutraliteit, soos reeds genoem, behels onder meer nuuskierigheid. Dit beteken dat 'n mens aanhou soek na alternatiewe beskrywings en nie tevrede is met slegs een nie. 'n Neutrale houding help die terapeut en gesin om 'n gesamentlike storie te ontwikkel waarin alle beskrywings pas (Wilkinson 1992: 199).

Die inagneming van die verskillende punktuasies in die terapeutiese gesprek skep neutraliteit, wat al die betrokke partye laat voel dat hulle in die proses gehoor word.

4.1.3 Komplementerende beskrywings

Komplementering verwys na 'n beskrywing van twee punktuasies "... where the single distinction is inadequate or incomplete and a

description using pairs where the one distinction by being connected to the other, completes the description." (Louw 1994: 24).

Wanneer 'n onderskeid in 'n beskrywing getref word, het dit altyd twee kante. Aan die een kant is die verskil en aan die ander kant is die ooreenkoms. "A particular communication can be seen as half of a more encompassing pair, duality, or distinction." (Keeney en Ross 1985: 36). Dit is onmoontlik om te praat van verandering sonder om stabiliteit in aanmerking te neem. Afhanklikheid kan nie sonder onafhanklikheid geïmpliseer word nie (Keeney 1983: 92; Manrique 1990: 69). Die een komplementeer die ander, dit wil sê, die een vul die ander aan.

Hierdie begrip klink eenvoudiger as wat dit is. Dit behels nie bloot net om na die "flip side" van patologie te kyk nie. In 'n sekere konteks kan aggressie byvoorbeeld pyn beteken en soms beteken molestering omgee, maar dit is nie noodwendig die geval nie. Om te besef wat die betekenis van mense se optredes is, moet daar na die totale storie geluister word; na die suksesse en ook die mislukkings (Waters en Lawrence 1993: 56).

Dit is belangrik dat terapeute 'n dialoog met hulleself voer sodat hulle albei kante van die saak in ag kan neem, dit wil sê, 'n komplementerende beskouing huldig.

> "All therapists need this double view. On the one hand, a particular framework is held onto, on the other hand, the

> framework is acknowledged as incomplete and requiring the self-correction of more encompassing dialogue with a different framework." (Keeney 1983: 148).

Die terapeut probeer dus vanuit sy eie verwysingsraamwerk die gesin se beskrywings verstaan en hy poog om die komplementerende beskrywing raak te sien. Midde in 'n pynlike proses verval gesinne soms in negatiewe beskrywings van hulle situasie. Die komplementerende beskrywings kan hulle dan in sekere gevalle help om weer op veranderinge te hoop.

4.2 In die beskrywing van alternatiewe gebruik die terapeut 'n taal wat die hoop op verandering skep (herformulering).

Alle terapeutiese sisteme word gevorm deur mense wat 'n probleem definieer. Die taal wat in die gesprek gebruik word is dus die taal waarin die probleem gedefinieer word (Anderson en Goolishian 1988: 382). Die meeste tyd word dikwels aan die beskrywing van die probleem bestee terwyl daar minder tyd aan die moontlike oplossings gewy word.

> "Too often we map our clients' prison, but not their escape." (Waters en Lawrence 1993: 53).

Die rol van die terapeut is om die kliënt te ondersteun in die oorweging van verskillende meer komplekse beskrywings of konstruksies. Die terapeut en die kliënt werk saam om 'n nuwe beskrywing te skep wat hoop op verandering bied. (Andolfi 1979; De Shazer en Berg 1988; Eron en Lund 1989; Green en

Standridge 1989). Hierdie proses kom neer op die ontwikkeling van alternatiewe beskrywings binne die terapeutiese gesprek waarmee daar gewerk kan word om verandering te weeg te bring.

> "Crazy becomes lazy, mad becomes sad, one-down becomes one-up, and symptoms become assets rather than deficits." (Eron en Lund 1989: 64).

Gesinne begin die terapeutiese proses met die idee dat 'n probleem altyd met hulle is, byvoorbeeld, "ons baklei die heeltyd". Hulle sien die situasie as staties en hulle beskrywings geskied in rigiede verbale patrone. "Ek is..." of "Hy is...". Dit is juis deur die probleem so staties te beskryf dat mense begin dink hulle situasie is verlore en onherstelbaar (De Shazer en Berg 1988: 42).

Terapie het dit aanvanklik ten doel om die situasie meer kompleks of ingewikkeld te maak eerder as om oënskynlike orde te skep deur slegs een beskrywing te gebruik. Die toename in opsies wat die verskillende beskrywings meebring, word as die fokus van terapie beskou. Hoe meer opsies die gesin het aan die hand waarvan hulle hulle situasie kan bespreek, hoe wyer is die keuses van maniere waarop hulle hulle situasie kan hanteer (Andolfi 1979: 1).

Na aanleiding van hierdie sienswyse koppel Madanes (in Simon 1992: 131) funksies aan simptome. Sy glo nie noodwendig dat simptome funksies het nie - dit is bloot 'n hipotese wat die simptoom meer werkbaar maak, oftewel 'n alternatiewe beskrywing. Die herformulering van 'n beskrywing skep die moontlikheid vir hantering van die situasie op 'n manier wat verandering te weeg sal bring - 'n taal van hoop.

Die alternatiewe beskrywings of herformulerings moet in 'n taal geskied wat vir die gesin betekenis het. Onder die taal van die gesin word verstaan die temas en metafore wat die gesinslede gebruik om hulle situasie te beskryf. Hierdie beskrywings is vir hulle betekenisvol, en die terapeut moet die beskrywings respekteer.

4.3 Die terapeut luister met respek na die gesin, en poog om die gesin se temas aan te hoor, te verstaan en te gebruik.

Soos reeds bespreek, word konstruksies en hulle betekenisse in 'n sosiale konteks deur middel van gesprekvoering ontwikkel en onderhandel. Gesprekvoering tussen mense kan gesien word as 'n raamwerk van aktitwiteite en interpretasies, wat moontlik gemaak word deur 'n gemeenskaplike taal in 'n spesifieke konteks waarbinne daar gehandel word (Efran et al. 1988: 29).

Met die woord 'taal' word daar nie spesifiek na verskillende style, strukture en tekens verwys nie. Wat eerder bedoel word is 'n mediasie- of bemiddelingsproses wat in 'n spesifieke konteks betekenisvol en relevant is. Dit word deur interaksie ontwikkel deur die medium van woorde en ander aksies. Die betekenis of begrip wat ontwikkel word, word gevorm deur die dinamiese sosiale proses van gesprekvoering.

> "We speak, hear, write, and use all of the many expressions and forms of language as part of the general human process of creating and dealing with the realities in which we exist. It is in language that we are able to maintain meaningful human contact with each other and through which we share a reality." (Anderson en Goolishian 1988: 377).

Die terapeut moet luister na die taal en temas wat die gesinslede in hulle beskrywings gebruik, want dié woorde is die woorde wat vir die gesin betekenisvol is. Volgens Viney (1990: 443) begin terapie met twee verskillende tale; die taal wat die gesin praat en die taal van die terapeut. Namate die proses vorder, word 'n terapeutiese taal ontwikkel.

> "Therapists must first become well aquanted with the unique nature of their client-families and the tried-and-true frames that already organize their lives. This enables therapists to speak the language of the family." (Jones 1986: 60).

Deur die gesin se storie of beskrywing te gou in teoretiese terme te omskryf (diagnose), kan die moontlikheid ontstaan dat sekere nuanses en kwaliteite wat die gesin nog sou kon toevoeg, verlore gaan. Ook die kreatiewe pogings van die gesin om die situasie te verander, kan as gevolg van 'n vinnige diagnose verlore gaan (Dean 1993: 133).

Deur dus te vinnig te 'verstaan' wat die gesin beleef, kan enkelvoudige beskrywings of diagnoses geformuleer word waaraan statiese betekenisse geheg word. Vir Anderson en Goolishian (1988: 378) beteken begrip in hierdie konteks nie dat ons ooit 'n ander persoon ten volle verstaan nie. Ons kan deur gesprekvoering en die verklaring van betekenisse van verskillende beskrywings net volgens ons eie verwysingsraamwerk verstaan wat ons dink die ander persoon sê. Die begrip geskied altyd binne 'n sekere konteks en is nie langdurig nie. Al wat ons ooit ten volle kan verstaan, is onsself en die impak wat ander mense en situasies op ons het (Dean 1993: 134).

Net verduidelikings en beskrywings kan verstaan word - nie gebeure nie. Gebeure kan nie verstaan word nie want hulle is nooit geïsoleerd nie en al die potensiële beskrywings van die betekenis daarvan kan nooit weergegee word nie.

> "No communicative account, no word, is complete, clear, and univocal. All carry unspoken meanings and possible new interpretations that require expression and articulation. Thus, the subject and content of all dialogue and discourse is open to evolutionary change in meaning." (Anderson en Goolishian 1988: 380).

'n Terapeut se begrip van die storie of beskrywing kan slegs ontwikkel tydens onderhandeling met die gesin. Die terapeutiese proses is 'n voortdurende interaksieproses waar idees oor dit wat die gesin beskryf en dit wat daaronder verstaan word, met die gesin onderhandel word. Die gevaar dat terapeute dink hulle verstaan, maar hulle oënskynlike begrip nie met die gesin bespreek nie, bestaan altyd. Hulle tree dan op asof hulle verstaan, maar eintlik verstaan hulle nie werklik die betekenisse wat die gesin aan die beskrywings koppel nie (Dean 1993: 137).

Wanneer terapeute verstaan dat woorde nie vaste betekenisse het wat ten volle verstaan kan word nie, word 'n sensitiwiteit vir die voortdurende proses van persepsievorming in die interpersoonlike en kontekstuele aspekte van betekenis en taal aangekweek (Dean 1993: 138).

> "We communicate because we grant meaning to one another's words. When I speak, you don't question the meaning of every word, you 'allow' me to mean something. If you are generous, you grant me significance. At any moment, of course, you can withdraw your assent

and leave me again babbling nonsense. To make meaning here and now is a cooperative act." (Gergen 1992: 56).

Lewis Carroll beskryf die begrip in sy verhaal 'Alice through the looking glass'. In 'n gesprek tussen Alice en Humpty Dumpty vra sy hom uit oor die betekenis van woorde omdat sy sy woorde nie verstaan in die sin waarin hy dit gebruik nie.

> **"I don't know what you mean by 'glory'"**, Alice said.
> Humpty Dumpty smiled contemptuously.
> **"Of course you don't - till I tell you. I meant 'there's a nice knock-down argument for you!' "**
> **"But 'glory' doesn't mean 'a nice knock-down argument',"** Alice objected.
> **"When I use a word,"** Humpty Dumpty said, in a rather scornful tone, **"it means just what I choose it to mean - neither more nor less."**
> (Lewis Carroll 1992: 205).

Die terapeut moet waak daarteen om nie te veronderstel dat sy begrip van die kliënt se woorde noodwendig korrek is nie. Hy moet let op die woorde wat hy self gebruik en met respek luister na die woorde en temas wat die gesin gebruik om beskrywings te gee.

4.4 Die terapeut neem, deur vrae te vra waarvan die antwoorde tot verdere vrae aanleiding gee, die verantwoordelikheid op hom om gesprekvoering te fasiliteer wat deelname aan die terapeutiese proses aanmoedig.

Die terapeut fasiliteer die proses van alternatiewe beskrywings wat ontstaan as

gevolg van die vrae wat hy in die terapeutiese gesprek vra (Keeney 1983: 21; Green en Standridge 1989: 102).

> "Time and again we have witnessed the ability of an interviewer or therapist to change - sometimes even reverse - this relational reality simply by the way he structures his interview, asks his questions, opens up new perspectives while closing off others, plays upon certain metaphors and associations." (Stierlin 1983: 417).

In die terapeutiese konteks word vrae nie gevra om inligting te bekom nie, maar om realiteite of die gesin se beskrywings van die situasie uit te brei relevant tot die verhoudings in die gesin (Green en Brown-Standridge 1989: 105). In dié proses word betekenisse wat aan beskrywings geheg word, verduidelik.

Vrae stel die gesin in staat om die konteks waarbinne hulle die probleem formuleer, uit 'n ander oogpunt te beskou.

> "There is something in the grammatical form of questions that invites reflection and opens up alternative possibilities. Questions encourage exploration." (Tomm en Lannamann 1988: 41).

Die vrae wat die terapeut vra sal sy denke oor die gesin weerspieël. Die terapeut vorm 'n idee oor die gesin deur die vrae wat in die loop van die terapeutiese gesprek gevra word. Die vrae wat hy vra, weerspieël sy benadering tot mense en verhoudings (Keeney en Ross 1985: 371).

Terapie is dus die gesamentlike soeke deur die terapeut en die gesin na 'n werkbare maar steeds betekenisvolle beskrywing (Anderson en Goolishian 1988: 383).

Die rol van die terapeut is dié van 'n meesterlike kommunikasiekunstenaar - 'n argitek van dialoog - wat spesialiseer in die skep van geleenthede en die fasilitering van dialoog.

> "The therapist is a participant-observer and a participant-manager of the therapeutic conversation." (Anderson en Goolishian 1988: 372).

Volgens Anderson en Goolishian (1988: 382) verskil die terapeutiese gesprek nie veel van ander gesprekke nie. Dit is primêr 'n proses waarin mense mekaar deur middel van interaksie probeer verstaan. In 'n terapeutiese gesprek is die terapeut voortdurend besig om by al die partye uit te kom (neutralitieit). In hierdie wisselende gesprekvoering waar daar deurgaans na nuwe betekenisse gesoek word, ontwikkel die sisteem beskrywings wat nog nie voorheen geverbaliseer of verwoord is nie, dit wil sê, alternatiewe beskrywings (Green en Brown- Standridge 1989: 101).

'n Opregte gesprek weerspieël 'n verhouding, en nie tegnieke nie. Dit toon 'n verbondenheid tot die proses van gesprekvoering. Dit stel 'n gee-en-neem-benadering voor vir alle betrokkenes, insluitende die terapeut, terwyl respek vir die verskillende beskrywings behou word (Inger 1993: 301).

In hierdie soeke of verkenningsproses kan betekenisse en beskrywings ontwikkel wat nie as 'n probleem geëtiketteer word nie (Anderson en Goolishian 1988: 383). Dit is juis die doel van die terapeutiese gesprek, naamlik om alternatiewe beskrywings te vind. Hier speel die terapeut die rol van fasiliteerder. Die terapeut kan alternatiewe beskrywings voorstel, maar die betekenisse, indien enige, wat daaraan geheg word, word deur die gesin ontwikkel en hulle besluit daaroor (Inger 1993: 301).

Vir Friedman (1987: 68) is die rol van die terapeut om meer te leer oor die lewe eerder as om verandering te weeg te bring. Die uitdaging van terapie lê nie daarin om in 'n stryd met die gesin gewikkel te raak nie, maar eerder om die nuuskierigheid oor wat mense laat optree soos hulle optree, te bevredig. Die terapeut kan ook deur sekere vrae en beskrywings die gesin se nuuskierigheid aanwakker sodat hulle ander moontlike beskrywings sal wil ondersoek (Doherty 1991: 38).

Ons kyk almal deur gekleurde lense na die lewe - geel, groen, rooi, blou en vele meer. Soms vergeet ons dat ons 'n bril op het en ons dink die kleur wat ons sien, is die enigste kleur wat die wêreld is. In terapie word daar dan vir ons brille van ander kleure gegee, waaruit elkeen die een kan kies waarvan hy die meeste hou en wat die bruikbaarste is.

> "The harder we look through a pair of blue-tinted spectacles, the more we will see a world coloured blue. Sometimes, particularly where we have forgotten we are wearing those spectacles and thus have ceased to question the validity of our senses, we need somebody to lend us a pair of a different hue." (Cade 1992: 166).

5. Samevatting

Hierdie benadering het meer oopheid en vryheid vir terapeute in die terapeutiese sisteem tot gevolg. Hiervolgens kan hulle meer spontaan en kreatief wees met behoud van respek en verantwoordelikheidsbesef. Die vryheid gaan hand aan hand met die beëindiging van 'n soeke na die 'waarheid' en 'n groter belangstelling in die onderlinge begrip wat in verhoudings ontwikkel word (Dean 1993: 139).

Die gevaar bestaan wel dat beskrywings soos taaltoertjies ('language gymnastics') kan

klink of gesinne beskrywings as verkleinerend kan beleef (Flaskas (b) 1992: 173). Indien konstruktivisme met relativisme of solopsisme verwar word, bestaan die gevaar ook dat daar sterk op verskillende beskrywings gefokus word maar dat daar geen verandering in gedrag is nie en dit kan potensiële gevaar vir individuele gesinslede inhou (Doherty 1991: 42). "Renaming power won't make it disappear," (Minuchin 1991: 47). Die doel is nie om beskrywings bloot nuwe name te gee nie, maar wel om meer werkbare beskrywings te vind waardeur gedrag juis kan verander.

Respek is egter 'n fundamentele begrip in konstruktivisme (Fisher 1991: 4), en die waarde van alle betrokke persone, ook die terapeut, word nooit uit die oog verloor nie. Indien hierdie benadering dus met respek vir 'n mens self, as terapeut, en vir die gesin in die terapeutiese gesprek benut word, kan dit 'n nuttige werktuig vir die terapeut wees.

HOOFSTUK 3

BESKRYWING VAN DIE TERAPEUTIESE PROSES

"The craft of questions, the craft of stories, the craft of the hands - all these are the making of something, and that something is soul."
(Estés 1992: 15)

1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n beskrywing gegee van terapeutiese gesprekke aan die hand van 'n gevallestudie van 'n gesin wat in 'n konfliksituasie vasgevang was. Die beskrywing word gestruktureer na aanleiding van die vier kategorieë wat in hoofstuk 2 bespreek is, naamlik:

* Die terapeut gebruik die verskillende punktuasies van die gesin in hulle beskrywing van die probleem en neem komplementerende beskrywings in ag. **(Punktuasie/ komplementering.)**
* In die beskrywing van alternatiewe realiteite gebruik die terapeut 'n taal wat die hoop op verandering skep. **(Herformulering.)**
* Die terapeut luister met respek na die gesin, en poog om die gesin se temas aan te hoor, te verstaan en te gebruik. **(Taal.)**
* Die terapeut neem, deur vrae te vra waarvan die antwoorde tot verdere vrae aanleiding gee, die verantwoordelikheid op hom om

gesprekvoering te fasiliteer wat deelname aan die terapeutiese proses aanmoedig. **(Deelname/vrae wat aanleiding gee tot verdere vrae.)**

Die inhoud van die hoofstuk word soos volg gestruktureer:

* Bekendstelling van die gesin.
* Die betrokkenheid van die terapeut en die konteks.
* Die proses waardeur die gesin gegaan het en die ontwikkeling van alternatiewe beskrywings.
* Die bydrae wat alternatiewe beskrywings tot 'n terapeutiese proses kan lewer.

2. Die gesin

2.1 Gesinsamestelling.

Die gesin is 'n hersaamgestelde gesin met ses lede. Ek het die Van Wyk-gesin voor die hersamestelling leer ken en het aanvanklik met die kerngesin gewerk. Die kerngesin bestaan uit 'n vader, twee seuns en twee dogters. Die moeder is in Julie 1992 na 'n hartaanval oorlede. Die vader is in die loop van die terapeutiese proses getroud met 'n vriendin van die gesin wat kort na sy vrou se dood van haar man geskei is. Sy het ook vier kinders; drie seuns en een dogter. Die vader se twee seuns, Robbie en Raymond, en sy een dogter, Vicky, was tydens die terapeutiese proses nog in die huis woonagtig, asook die nuwe vrou se een seun, Martin. (Alle name is fiktief om vertroulikheid te verseker.)

In die terapeutiese gesprek is daar op die vader en sy verhouding met sy kinders gefokus. Die gesprekke is veral om die vader-dogter verhouding gestruktureer. Ander lede van die gesin het na eie goeddunke ingeskakel. Nie een van die 'nuwe vrou' (Tannie Ann) se kinders het ooit by die terapeutiese proses ingeskakel nie, aangesien

hulle nie deel van die gesin se probleemsituasie uitgemaak het nie.

2.2 Genogram: Van Wyk gesin



2.2 Agtergrond van die gesin

Die gesin is aan die einde van 1989 deur 'n onderwyshulpsentrum by die welsynsorganisasie aangemeld. Die aanmeldingsprobleem was dat Vicky, toe in standerd drie, geweier het om skool toe te gaan.

Voorkomingsdienste, onder meer sielkundige evaluerings en terapie, met Vicky was onsuksesvol en 'n opening van die kinderhof is gereël ingevolge artikel 13(2) van die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983). Na heelparty verskillende pogings om Vicky in die skool te kry, naamlik gesinsterapie, koshuisplasing, opname en terapie in Weskoppieshospitaal, is die kinderhofverrigtinge, ingevolge artikel 14(4)(b), in April 1991 afgehandel. Gedurende 1990 was Vicky vir twintig dae by die skool. Dit sluit vier verskillende skole in. Gedurende die eerste vier maande van 1991 was sy glad nie in die skool nie. Sy het haar tyd by die huis deurgebring deur televisie te kyk en te slaap. Die aanbeveling aan die kinderhof was 'n nywerheidskoolplasing aangesien die insette wat gelewer is, geen verandering te weeg gebring het nie.

Na mev. Van Wyk se afsterwe versoek mnr Van Wyk, in November 1992, dat Vicky uitgeplaas word. Ses maande vakansieverlof word ingevolge artikel 35 van die Wet op Kindersorg goedgekeur op voorwaarde dat sy 'n skool bywoon. Vicky was op daardie stadium vyftien jaar oud en volgens wet steeds skoolpligtig.

In 1993 weier Vicky van die eerste skooldag af om die skool by te woon. Die gesin nader my vir terapie en ek skakel hulle vir gesinsterapie by die Universiteit van Suid-Afrika in, waar ek self die terapeutiese gesprek hanteer

het. Ek was van die eerste aanmelding af betrokke en het die kinderhofproses saam met hulle deurloop. Ek het deur die hele proses 'n goeie verhouding met Vicky en haar ouers gehad.

2.3 Alternatiewe beskrywings van probleem

Die hieropvolgende beskrywings is deur verskillende persone wat by die gesin betrokke was, gegee. Dit sluit ook die gesinslede se beskrywings van hulle eie situasie in. Die beskrywings is gegee voor die moeder oorlede is en sluit net die aanvanklike kerngesin in.

In die tydperk 1989 tot 1993 was 'n hele aantal buite-instansies by die gesin betrokke. Dit was nie net Vicky wat vir die ouers probleme veroorsaak het nie, maar ook die twee seuns. Nie een van hulle werk nie en albei woon in by die ouers. Die tweede oudste seun was twee maal getroud met en geskei van dieselfde vrou en hulle het twee kinders. Die ander dogter, Carmen, was volgens die ouers die modelkind in die gesin. Sy is in 1991 getroud en het uit Pretoria getrek. Sy is die enigste kind wat die ouerhuis verlaat het.

Tydens die betrokkenheid van die buite-instansies is die volgende sosiale en terapeutiese beskrywings van die probleem gegee:

Ouers:	Gebrek aan ouervaardighede	Maatskaplike werker
	Onbevoeg as ouers	Kinderhof
Raymond:	Skisofrenies volgens DSM 3	Weskoppieshospitaal
	Alkoholis	Familie

Robbie:	Werksku	Sielkundige
	Alkoholis	Familie
	Aggressief	Familie
Vicky:	Skisofrenies volgens DSM 3	Sielkundige(1)
	Skoolfobie	Sielkundige(2)
	Depressief	Sielkundige(3)
	Manipulerend	Sielkundige(4)
	Tourette-sindroom	Sielkundige(5)
	Skeidingsangs	Weskoppieshospitaal
	Rebels	Onderwyshulpsentrum

Geeneen van bogenoemde beskrywings het enige verandering aan die situasie te weeg gebring nie. Die gesinslede het die meeste betekenis geheg aan die beskrywings wat organies gefundeer was, onder andere Tourette-sindroom en skisofrenie. Nadat die oudste seun, Raymond, as skisofrenies gediagnoseer is, was hulle meer verdraagsaam oor die dinge wat hy gedoen het, soos om nie te werk nie, om te veel te drink en om aggressief te raak. Robbie se probleme is nooit organies beskryf nie en sy optrede was vir die gesin totaal en al onaanvaarbaar, alhoewel dit baie met Raymond se gedrag ooreengekom het. Robbie word ook vir Vicky se skoolweiering verantwoordelik gehou. Volgens die gesin was Vicky te bang om haar moeder alleen te laat wanneer Robbie by die huis was, aangesien hy so aggressief was. Vicky self het nooit enige verduideliking gegee vir haar skoolweiering nie. Volgens haar het sy net nie in die portuurgroep gepas nie.

3. Die betrokkenheid van die terapeut-navorser

Die terapeutiese proses het by die Universiteit van Suid-Afrika plaasgevind, waar ek besig was met nagraadse studies. In die kursus is spesifieke teoretiese benaderings bestudeer, onder andere konstruktivisme. My idees oor terapie en verandering terwyl die terapeutiese gesprekke met die gesin gevoer is, was op hierdie benaderings gebaseer (sien hoofstuk 1).

Ek was 'n lid van 'n span wat verder bestaan het uit die dosent (sielkundige/maatskaplike werker) en twee medestudente (maatskaplike werkers). Die span het nooit tydens die terapeutiese proses van lede verwissel nie. Die onderhoude is gevoer in twee aangrensende vertrekke verbind deur 'n eenrigtingvenster. Die span was in die een vertrek en ek en die gesin in die ander. Daar is gereeld deur middel van 'n interkomtelefoon met die span kontak gemaak. Video-opnames is van die onderhoude gemaak.

4. Die proses waardeur die gesin in die terapeutiese gesprek gegaan het

Ses gesprekke is in die loop van die jaar met die gesin gevoer. Vier onderhoude aan die begin van die jaar, tussen Januarie en April, en twee in die loop van die jaar tot en met September 1993. Na die eerste drie gesprekke was daar drastiese veranderinge. Vicky het uit die huis getrek en by 'n tegniese kollege vir 'n kursus in fotografie ingeskryf. Sy was steeds finansieël afhanklik van haar pa, maar het haar eie finansies hanteer. Haar pa het haar 'n sekere bedrag per maand betaal. Die laaste drie gesprekke was opvolggesprekke, met lang periodes tussenin.

Die terapeutiese gesprek was primêr gefokus op Vicky en haar vader. My verhouding met hulle was baie positief en hulle was die meeste by die probleemdefinisie betrokke. Die bywoning het baie gewissel en ander lede van die gesin het gereeld ingeskakel.

Wanneer hulle die gesprekke bygewoon het, is hulle by die beskrywings betrek. Wanneer hulle nie teenwoordig was nie, is hulle gedrag aan die beskrywings gekoppel indien dit van toepassing was.

Die basis van die terapeutiese proses was gesprekvoering (sien hoofstuk 2: p.26). Gedurende hierdie gesprekke is daar na alternatiewe beskrywings gesoek wat die gesin kon help om by mekaar betrokke te wees sonder die voortdurende konflik (sien hoofstuk 2: p.34). Die gesin het deur middel van konflik op 'n baie pynlike manier bymekaar uitgekom. Deur die alternatiewe beskrywings is daar gepoog om die gesin se onderlinge betrokkenheid te behou, maar op 'n minder pynlike manier.

4.1 Die ontwikkeling van 'n betekenisvolle alternatiewe beskrywing

Tydens die terapeutiese gesprek is alle gedrag in die gesin gekoppel aan 'n poging om naby aan mekaar te kom. Aangesien die gesin op 'n gereëlde basis konfliksituasies beleef het, was eksplisiete gebare om liefde te toon nie algemeen in die gesin nie. Die pogings wat wel aangewend is om liefde te toon, is nie deur die betrokke persone verstaan nie.

Hierdie was 'n betekenisvolle beskrywing waarmee almal kon identifiseer. Dit het hulle in dieselfde kategorie geplaas, naamlik een van mense wat vir mekaar lief is en pogings aanwend om hierdie omgee te demonstreer in 'n poging om 'n gesin te bly. Die pogings het egter uitgeloop op 'n konfliksituasie wat vir almal pynlik was.

4.2 Die eerste gesprek

Die beskrywings waarmee die gesin die terapeutiese gesprek begin het, was die tema van 'n vol huis, 'n huis waar 'n mens moeilik 'n plek kon vind. Metafories is die vol huis gebruik om 'n plek in die gesin te illustreer.

Raymond: Elkeen doen sy eie ding.

Terapeut: As jy sê elkeen doen sy eie ding, bedoel jy dat julle nie baie goed saam doen nie? Die huis is vol ...

Raymond: Die huis is vol en elkeen gaan sy eie way en dis eintlik saambly.

Terapeut: Almal loseer eintlik daar. Dis 'n bly- en slaapplek.

Raymond: Ja.

Terapeut: (Aan Vicky) Hoe was dit vir jou om in te kom? Na twee jaar weg? Dit was 'n nuwe huis ... 'n besige huis.

Vicky: Dit was anders.

Terapeut: Hoekom, hoe anders?

Vicky: Daar is te veel mense om my. Ek voel nie dis my huis nie, 'cause' elke deur in die huis word gesluit ...

Die punktuasie van die gesin, naamlik die vol huis, word gebruik **(punktuasie)**. 'n Verdere inhoudelike bespreking volg oor hoe vol en besig die huis is. Die tema van uit die huis uit wees en nou terugkom om 'n plek te vind, word uitgebrei **(taal)**. Die huis is nie net vol omdat daar fisies min plek is nie, maar ook omdat daar nuwe mense in woon. Dit was die begin van die hersamestelling van die gesin, en 'n plek in die gesin, veral in verhouding tot die vader, was 'n sensitiewe besprekingspunt.

Pa: Die groot ding is ... Vicky is uit die huis uit weg, nou wil sy terugkom en sy wil hê ons moet almal na haar pype dans. Sy wil

nie bietjie buigsaam wees en bietjie toegewend wees teenoor ander nie. Sy wil haar sin hê en ons kan nie almal vir haar buig nie.

Terapeut: Hulle (span) vra wat dink u sê sy as sy so half vra dat almal na haar pype moet dans. Is dit dalk haar manier om terug te kom in die gesin ... om te kyk hoe akkommodeer die gesin haar na sy ...

Die begin van 'n alternatiewe beskrywing word voorgestel **(herformulering)**. Dit word steeds aan die hand van die gesin se tema, 'n plek in die huis, gedoen **(punktuasie) (taal)**. Indien sy vrae het oor haar plek in die huis, het sy dalk ook vrae oor haar verhoudings met die ander persone in die gesin wat in die huis woon **(vrae wat aanleiding gee tot verdere vrae)**.

Pa: Sy wil ons regeer. Dit kom so sterk uit dat sy vir ons wil voorskryf. Sy wil dit so hê en anders is niks reg nie. Daar kan Robbie ...

Robbie: Ja, mens moet dit so vat ... sy was gewoond sy was in die koshuis en daar ... ek weet nie Lisa (vriendin) sal beter weet ... maar ek het nou gesien haar houding is ... hulle het, haar vriendinne baie vir ... hulle het alles vir haar gedoen daar, omtrent ... soos ek gehoor het, elke keer as sy teruggaan koshuis toe storm al haar vriendinne op haar af en dan ... hulle is baie geheg aan haar. Ek weet nie, hulle het haar seker met alles gehelp. Dan, as sy iets vra, dan doen iemand dit vir haar.

Dit is die begin van 'n ander punktuasie van Vicky se gedrag deur die gesin self **(komplementering)**. Die kinders in die nywerheidskool was geheg aan haar en sy het belangrik en nodig gevoel.

Terapeut: Ja ... sy is gewoond om belangrik te wees vir mense. Mense gee aandag in die koshuis. En dalk is dit nou bietjie allenig want as sy nou by die huis kom ...

Pa: Ons gee ook almal vir haar om ... ons gee baie vir haar om.

In die interaksieproses is die tema van 'n plek in die huis gekoppel aan 'n plek in die gesin **(herformulering in hulle taal)**. Almal neem deel aan die gesprek **(deelname)** en illustreer hulle betrokkenheid by Vicky aan die hand van hulle kommer oor haar skoolbywoning. Hulle is nie net kwaad oor sy nie wil skool toe gaan nie, maar ook bekommerd **(komplementerend)**.

Terapeut: Almal het 'n manier om te wys hoe julle omgee ... hoe julle betrokke is ....

Robbie: Ek weet nie ... dit help nie dat ... ons moenie met haar praat nie.

Terapeut: Maar ... maar tog, die manier waarop julle dit wys ... julle wys elkeen op julle eie manier julle gee om, wat doen sy wat julle so betrokke hou? Wat julle laat bly omgee ... maak nie saak wat sy doen nie. Wat doen sý?

Hulle beskrywing van hulle pogings om haar in die skool te kry **(taal)** word gekoppel aan pogings om haar te wys hulle gee om **(komplementerend)**. 'n Vraag oor Vicky se pogings om betrokkenheid of om omgee te wys, word gevra **(deelname/vrae wat aanleiding gee tot verdere vrae)**.

Pa: Ek verstaan nie die vraag nie?

Terapeut: Sy het al baie dinge gedoen in hierdie tyd wat ek julle ken. En nou weer om van die werk na die skool toe te ry in werkstyd en

vir haar die goed te gaan kry. Of om haar te vat om die goed te gaan koop. Wat doen sy om u so betrokke te hou dat u nie al opgegee het en opgehou het nie?

'n Antwoord op hierdie vraag begin 'n ander beskrywing en punktuasie van Vicky se gedrag **(herformulering)**.

Pa: Want ek is lief vir haar, sy's my kind! ... en dis wat sy nie kan verstaan nie ... dat ... dat ek sal my bene afloop om haar te help ... maar sy verstoot my ....

Die intensiteit is op hierdie stadium baie hoog en die seuns kom in om te skerm. Die fokus word weggeneem van die gevoelens en verdere rasionale vir weiering van skoolbywoning word bespreek. Op mikrovlak is dit 'n illutrasie van hoe moeilik dit vir hierdie gesin is om omgee te wys. Selfs om net oor die gevoelens te praat, laat die intensiteit toeneem aangesien boodskappe baie negatief gehoor word.

4.3 Die tweede gesprek

Tussen die eerste en die tweede gesprek is mnr Van Wyk en Tannie Ann getroud. In hierdie tyd het Vicky haar ongelukkigheid oor die troue in woedebuie uitgeleef. Sy het twee deure in die huis stukkend geskop, sy het 'n aantal voorwerpe in die huis gebreek en verbaal luidkeels haar frustrasie uitgespreek. Die troue van haar pa en Tannie Ann is nooit bespreek nie. Die inhoud van die gesprekke in die huis was gekoppel aan Vicky se weiering om skool by te woon en het haar en haar pa net verder uitmekaar laat dryf.

Met die tweede onderhoud by die Unisa-eenheid was Vicky rustiger,alhoewel sy en haar pa nog nie gepraat het oor haar gevoelens oor sy huwelik nie. Hierdie onderhoud begin met die konfliksituasies waardeur die gesin is en die verskillende gesinslede se bydraes **(punktuasie)**. Aangesien die inhoud van die gesprekke oor skoolgaan gehandel het, word dit gebruik in die bespreking **(taal)**.

Na 'n bespreking oor wat die belangrikheid van kwalifikasies en die voordele en nadele van skool of tegniese kollege is, word die tema van omgee (emosies) weer ingebring **(herformulering)**.

Terapeut: Hulle (span) vra, toe jou pa jou nou gevra het oor die skool, wat het jy gehoor ... dat hy jou in 'n rigting dwing van jy moet skoolgaan of nie skoolgaan of, dat hy omgee. Wat het jy gehoor in dit wat hy gevra het?

Die vraag oor begrip van wat jy hoor **(taal)**, koppel weer die alternatiewe beskrywing **(herformulering)** aan die gebeure en optredes in verhouding tot mekaar **(vrae wat aanleiding gee tot verdere vrae)**.

Vicky: Dit voel vir my meer of hy my daarin druk.

Terapeut: Om te besluit. So jy hoor nie .... Ja, dis wat jy hoor ... dis half die reëls wat hy wil hê.

Terapeut: (Aan Pa) Hoe was dit, hoe het jy dit bedoel?

Pa: Wat ek bedoel, ek kan nie sien dat sy met die kwalifikasies wat sy nou het, 'n toekoms het nie, want ek vat dit so, ek is ses en vyftig jaar oud. Ek het vier jaar oor dan, gaan ek aftree. Dan

moet ek iewers gaan aftree. Teen daardie stadium moet sy selfversorgend wees. En wat gaan sy met 'n st. 7-kwalifikasie doen? Wat gaan sy doen?

Terapeut: Ja ... so dis bekommernis, maar sy hoor sy word in 'n ding gedruk waarin sy nie wil wees nie ....

Die inhoud waarmee hy sy bekommernis oor haar uitspreek word beskryf as omgee (bekommernis) **(herformulering in sy taal)**.

Terapeut: Hy moet sekere goed doen wat jou laat voel ... ja, my pa gee om vir my?

Vicky: Ja ... maar gewoonlik maak nie saak of jy hom iets vra of ...nou en dan sal hy sê ja hy sal iets doen ... maar die meeste van die tyd is dit 'n verskoning ... of ek weet nie ... hy sê dit altyd op 'n lelike manier vir 'n mens.

Terapeut: So jy voel ... jy kry min daai gevoel van hy gee om?

Vicky: uhm ... ja

Die terapeut het gepoog om die inhoud van die bespreking in terme van gevoelens te beskryf **(herformulering)**. Die gesin verbaliseer oor die algemeen nie hulle gevoelens oor mekaar nie en dit laat die intensiteit weer verhoog. Om 'n komplementerende verhouding te illustreer, word vrae gevra oor Vicky se wyses van betrokkenheid by haar pa **(komplementerend)**.

Terapeut: Anders om wonder ek ook. Wat doen sy wat sê: "ek gee om"?

Pa: Sy kom nooit eers meer by haar pa sit soos sy gereeld gedoen het ... maar as sy vra vir iets dan gaan pa en hy koop dit ....

Meer inligting word gegee oor die moeite wat hy doen om vir haar te gee wat sy vra, in 'n poging om sy liefde vir haar te illustreer **(punktuasie)**. Die gesin begin die alternatiewe beskrywing gebruik in hulle bespreking **(taal)**.

Pa: Dit lyk my Vicky wil dit nie aanvaar dat ek omgee ... en ek wys dit op daai manier nie, want sy is nie die tipe mens ... sy en Robbie is in daardie opsig dieselfde ... jy kan nie na hulle gaan en om die nek val nie, hulle sal jou wegstamp ... hulle hou nie daarvan nie ... enne ... nou hoe ander manier kan jy nou naby haar kom as jy nie op so manier vir haar kan wys jy gee om nie?

Terapeut: (Aan Vicky) Hoe sal hy moet wys hy gee om, Vicky? ... Dit klink vir my om al hierdie goed te doen, sê nie noodwendig vir jou hy gee om nie. Wat sal hy ....

'n Beskrywing van hoe Vicky betrokkenheid van haar pa sou wou hê **(deelname)**, kan vir hulle 'n alternatiewe wyse gee om bymekaar uit te kom sonder die pyn van konfliksituasies **(herformulering)**.

Vicky: Ek verstaan nou wat hy probeer sê ... maar as mens hom iets vra moet daar eers 'n bakleiery wees ... enige iets voor dit gebeur ... altyd.

'n Beskrywing van hoe dit anders moet wees as wat dit nou is, is vir Vicky nog te vreemd en sy fokus weer op hoe dit nou is **(punktuasie)**. Die gesprek ontwikkel weer in 'n inhoudelike bespreking oor hoeveel moeite pa doen om vir Vicky alles te gee wat sy wil hê. Veral Tannie Ann kom tot pa se verdediging **(taal)**.

Terapeut: Dis makliker om te baklei of te vra, want daardeur maak jy kontak met jou pa ... want eintlik mis jy jou pa.

Die konflik (baklei) word weer beskryf as 'n poging tot betrokkenheid **(herformulering)**.

Terapeut: Hulle (span) wonder wat hoor pa ... hoor hy ook dat sy dogter hom mis of hoor hy ook in die baklei sy gee nie om nie?

Die beskrywing van konflik as noodwendig negatief word bevraagteken **(vrae wat aanleiding gee tot verdere vrae)**.

Pa: Nee, wat ek hoor sy voel ... miskien op hierdie stadium ... dat Tannie Ann tussenin gekom het. Dat ek nie genoeg aandag aan haar gee nie ... uhm ... ek glo nie dat ek haar een oomblik probeer wegskuif ... of ek gee altyd vir haar om want ... uhm ... ek voel net sy ... ek het nou die dag vir Robbie en Raymond gesê hulle is nie meer van my afhanklik nie, maar sy is nog ten volle afhanklik. Ek voel skuldig as ek haar nie kan help of vir haar iets kan gee nie, want ek voel sy moet nog haar deel in die lewe kry, terwyl hulle hulle s'n al gehad het ... enne ek voel ek kan dalk meer tyd met haar probeer spandeer maar aan die ander kant, sy is moeilik om mee te kommunikeer. Ons moet 'n manier vind waarmee ons gemakliker met mekaar kan praat.

Die konflik is nou omgeskakel na pogings om betrokkenheid te bekom. 'n Alternatiewe beskrywing vir die konflik is dus gevind en hierdie tema van omgee is deur die hele onderhoud gebruik in 'n poging om 'n minder pynlike manier te vind om by mekaar uit te kom **(herformulering)**.

4.4 Die derde gesprek

Hierdie onderhoud is begin met pa se moedeloosheid. Robbie het 'n groot rusie veroorsaak waarby die polisie se hulp ingeroep is. Hy is gearresteer en in die tronk gesit. Tannie Ann was ook betrokke en het besluit om mnr. Van Wyk te verlaat.

Pa: Ek kan nie meer nie ... ek kan nie meer. Ek het hom laat toesluit ... maar ek het hom weer gaan haal ... maar hy mag nie huis toe kom nie ... dis soos om die heeltyd met 'n huis vol kinders te sit ... maar hulle word nie groot nie.

'n Beskrywing van gebeure volg soos Vicky en Raymond dit beleef het **(punktuasies)**. Die omgeetema word weer deur die die vader opgehaal.

Pa: Raymond gee om ... ander twee kry lekker ... lag. Ek's op 'n punt waar ek nie weet hoekom ek moet omgee nie ... sorg nie.

Vicky: Ek word in die kamer ingeroep ... ek weet nie eers waaroor dit gaan nie!

Pa: Jy loop agter Robbie aan, jy's bang vir Robbie!

Terapeut: Pa voel alleen ... Raymond wys hy gee om .... Hoe kan jy?

Raymond se gedrag word bespreek aan die hand van omgee **(herformulering)**. Vicky se gedrag word bevraagteken na aanleiding van haar betrokkenheid by pa **(komplementering)**.

Vicky: Ek weet nie.

Terapeut: (Aan Pa) Wat sou gehelp het?

Pa: As dit is soos sy gesê het ... my kom vra wat kan sy doen.

'n Beskrywing van hoe hy haar betrokke sou wou hê, illustreer aan haar 'n alternatiewe wyse om omgee aan haar pa te wys **(herformulering)**.

Pa: Dis 'n kwessie van maande ... ek kan nie meer, ek kan nie meer, ek is desperaat!

Raymond: Almal is jaloers op mekaar.

Pa: Robbie wil alles hê wat Vicky kry ... Hy sal die slippie soek .... Hy is groot ... ek hoef nie vir hom te sorg nie ... hy is soos 'n seuntjie van veertien ... dis asof sy verstand stil staan ... hy wil gelyk behandel word ... alles dieselfde hê.

Die beskrywing van Robbie se gedrag as 'n veertienjarige skep die geleentheid vir 'n alternatiewe beskrywing van die kinders se gedrag **(herformulering)**.

Terapeut: Robbie is soos 'n veertienjarige, Vicky is ook nog 'n kind, Raymond is nog in die huis. Dis soos kleuters wat jaloers is op aandag aan Tannie Ann. Dis moeilik om hulle te hanteer want hulle is nie kleuters nie.

Pa: Hulle is soos kindertjies wat pa moet oppas ... ek kan my nie draai nie!

Die beskrywing van die kinders as kleuters pas by pa en die diskrepansie in hanteringsmoontlikhede word opgehaal **(vrae wat aanleiding gee tot verdere vrae)**.

Terapeut: Hulle tree op soos kinders maar kan nie hanteer word soos kinders nie?

Pa: Nee, dan word hulle kwaad!

Terapeut: Voor die huwelik is dit seker nie bespreek nie ... dis moeilik om aan te pas by kleuters wat groot is ... waar kry almal plek?

Pa: Tannie Ann het gesê sy wil my nie in twee skeur nie, sy wil my nie wegvat van my kindertjies af nie!

'n Inhoudelike bespreking volg weer, wat die idee van klein kindertjies ondersteun. Dit illustreer ook die ongemak wat die vader beleef in die hersamestelling van die gesin **(taal)**. Die alternatiewe beskrywing van verskillende ouderdomme word verder ontwikkel **(herformulering)**.

Pa: Pa moet reël vir onderhoude ... pa moet vat vir onderhoude ... hulle word nie groot nie ... hulle is bang vir mense!

Terapeut: Robbie is soos 'n veertienjarige. Vicky, hoe oud wil jy wees, veertien, agttien, een-en-twintig of dertig, wat wil jy wees?

Stilte.

Raymond: Twintig of een-en-twintig.

Terapeut: Wat sê jy, Vicky?

Vicky: Stilte.

Terapeut: (Aan Raymond) Jy sê een-en-twintig, hoe oud sal jy wil wees?

Raymond: Ek weet nie.

Terapeut: Wat sê jy, Vicky?

Vicky: Ek weet nie (met 'n glimlag).

Pa: Vicky is redelik volwasse ... meer verstandig as Robbie.

Terapeut: Agttien?

Pa: Ja, meer verstandig as haar ouderdom.

Terapeut: En Raymond?

Pa: Agttien of negentien.

Die gesin neem deel aan die alternatiewe beskrywing **(deelname)**. Dit word gekoppel aan die skoolbywoning en hulle hantering daarvan **(komplementering)**.

Terapeut: Of dalk soos 'n sesjarige wat nog moet skool toe gaan? Vicky, wat sê jy?

Vicky: Stilte.

Terapeut: Ek stem saam, soms tree jy baie volwasse op, maar jy weier om skool toe te gaan soos 'n sesjarige ... dit is baie verwarrend. Hoe hanteer jy haar? As jy agttien voel, hoe moet pa jou hanteer?

Alternatiewe hantering van die probleem word na aanleiding van ouderdom bespreek **(herformulering)**.

Terapeut: As sy 'n sesjarige was, wat sou u gedoen het oor skoolgaan?

Pa: Ek sou haar dwing ... haar in die kar laai en by die skool aflaai.

Terapeut: En op agttien?

Pa: Soos nou ... praat met haar, maar dit wil nie werk nie, sy draai haar rug op my.

Terapeut: Sou u haar op agttien jaar gelos het?

Pa: Nee, kyk net na die swartes wat wil leer ... my kind met haar wit velletjie wil nie leer nie. Wat gaan van haar word? Sy het 'n st. 7-laervlak skoolkwalifikasie. Carmen (sussie) sal haar nie vir langer as 'n week hou nie!

Terapeut: Dit is nogal verwarrend ... aan die een kant doen jy goed wat mens assosieer met 'n sesjarige. Maar jy vra om hanteer te word soos 'n een-en-twintig-jarige. Op ses kan jy gedwing word ... op agttien voel 'n mens magteloos. Wat doen jy op sestien?

Hierdie tema van die gesin word gebruik **(taal)** om alternatiewe hanterings-moontlikhede te ondersoek **(herformulering)**.

Pa: Sy wil hê ek moet haar soos 'n grootmens hanteer, maar aan die ander kant wil sy, soos Robbie, hê ek moet alles doen. Ek kan nie ... ek moet werk. Om onnodig tyd af te vat vir iets wat sy self kan doen.

Vicky: Pa is altyd vol verskonings!

Terapeut: Hoekom kan jy nie gaan nie? (kollege)

Die moontlikheid vir haar om self verantwoordelikheid te aanvaar vir sekere dinge word ontwikkel **(deelname)**.

Vicky: Die kollege is groot. Ek weet nie waarheen om te gaan nie. Dis hoekom hy moet saamgaan.

Terapeut: As jy kollege toe wil gaan, is jy groot, dan moet jy weet om by navrae te gaan uitvind. As jy sê jy wil kollege toe gaan, sê jy jy is groot. Hoe bewys jy dit? Jy wil hanteer word soos 'n grootmens. Wil kollege toe gaan, maar kom hou my hand vas.

Alternatiewe hanteringsmoontlikhede word in die gesprek gevra aan die hand van die alternatiewe beskrywing wat ontwikkel is **(herformulering)**.

Pa: Jy moet leer om selfvertoue te kry ... jy moet goed self doen. Dis nie so moeilik, ons was by Navrae en daar is 'n voorligtings-onderwyseres.

Terapeut: Klink maklik om te praat van grootmenswêreld, maar moelik om te doen. Maklik om te sê ek wil groot wees, maar bang vir wat

jy gaan verloor. Hoe gaan jy kontak maak met jou pa as jy hom nie meer nodig het om goed vir jou te doen nie?

Die alternatiewe beskrywing van verskillende ouderdomme word gekoppel aan die vorige beskrywing van betrokkenheid by mekaar **(herformulering).**

Pa: Ons het 'n bietjie gesels. Sy sien kans om ondersoek in te stel. Ek sal haar ondersteun en help waar ek kan, maar daar is 'n voorwaarde. Dit is 'n klomp geld en sy moet bewys sy is hart en siel daarin. Anders word sy teruggestuur nywerheidskool toe.

Terapeut: Klink of jy die agttienjarige gekies het. Al voorwaarde is, as jy nie optree soos 'n agttienjarige nie, word jy teruggestuur na die nywerheidskool soos 'n sesjarige.

Om die tema te versterk, word 'n huistaak aan hulle gegee. Voor die volgende onderhoud moet Vicky en Raymond optree volgens die twee verskillende ouderdomme wat aan hulle toegesê is. Vicky moet drie keer soos 'n sesjarige optree en drie keer soos 'n agttienjarige Raymond het ook twee ouderdomme gekry en moet dieselfde doen. Dit moet in pa se teenwoordigheid gedoen word of hulle moet seker maak hy hoor daarvan. Die pa mag egter nie weet wanneer hulle dit doen nie, hy moet net waarneem en aantekeninge maak van wanneer hy dink hulle die taak uitvoer. Hy sal tydens die volgende onderhoud die aantekeninge met almal deel. Die ouderdom wat die beste of oorspronklikste uitgevoer word, sal die kriteria vir toekomstige hantering bepaal.

Hierdie alternatiewe beskrywing was die een waaraan die gesin die meeste deelgeneem het **(deelname)**. Die koppeling daarvan aan die vorige beskrywings wat in die terapeutiese gesprekke ontwikkel is, het dit betekenisvol gemaak **(komplementerend)**. Die pa het die tema van kleuters begin **(punktuasie)** en dit is saam met die gesin ontwikkel. Hy was gefrustreerd met die kinders se gedrag, wat hom laat voel het hulle is weer kleuters. Die kinders

het die beskrywing van hulle gedrag as dié van kleuters totaal en al verwerp. Om egter soos volwassenes hanteer te word, moes hulle optree soos volwassenes **(taal)**. Die kinders het egter steeds 'n behoefte gehad om verseker te word van hulle pa se liefde. Die koppeling van die vorige beskrywing van nabyheid aan die nuwe beskrywing **(herformulering)** het by die kinders se behoefte aan 'n betekenisvolle verhouding met pa uitgekom. Hierdie alternatiewe beskrywing het vir die gesin die meeste betekenis gehad, en het die grootste verandering te weeg gebring **(herformulering)**.

4.5 Opvolggesprekke

Tussen die derde en die vierde gesprek het drastiese veranderinge plaasgevind. Vicky het self by die tegniese kollege vir 'n kursus in fotografie gaan inskryf. Sy het ook self 'n woonstel gevind waar sy en 'n vriendin sou intrek. Sy was egter steeds finansieel afhanklik van haar vader en dit is beskryf as 'n betekenisvolle aspek aangesien dit die voortsetting van hulle verhouding verseker. Terwyl hy nog nodig het om vir haar goed te gee, verseker dit dat hulle betrokke is by mekaar terwyl hulle 'n ander manier van betrokkenheid probeer vind.

Vicky het baie goed by die tegniese kollege gevorder en volgens haar vader het sy haar finansies baie selfstandig en volwasse hanteer. Vicky het teen die einde van haar kursus twee pryse gewen - een vir die beste vordering en een vir die tweede beste foto. Sy het ook vir 'n tweede kursus, in binnenshuise versiering, ingeskryf. Dit sou langer duur en aan haar 'n diploma besorg. Die verhouding tussen haar en haar vader is deur albei as positief en betekenisvol met gereelde kontak beskryf. Sy het hom bygestaan in krisisse met Robbie, en dit het vir hom baie beteken. Met die laaste gesprek het Robbie begin werk en uit die huis getrek. Raymond het vir arbeidsterapie by Geestesgesondheid ingeskakel en beplan om in 'n huis in te trek waar mense woon wat in dieselfde posisie as hy is.

5. Die bydrae wat betekenisvolle alternatiewe beskrywings tot die terapeutiese proses lewer

In die terapeutiese proses waardeur die gesin is, is verskillende beskrywings aan hulle voorgestel as verduidelikings vir die pyn waardeur hulle as gesin gaan. Alhoewel sommige van die beskrywings vir die gesin aanvaarbaar was, kon geeneen verandering te weeg bring nie. Die verwydering van Vicky uit die gesin het ook nie die gewenste verandering tot gevolg gehad nie. In die maatskaplikewerk-professie het maatskaplike werkers gereeld met soortgelyke situasies te make, waar die proses vasgeval het en geen verandering moontlik lyk nie. Die alternatiewe beskrywing wat saam met die gesin in hierdie terapeutiese gesprekke ontwikkel is, was vir hulle en vir die terapeut betekenisvol en het die proses weer aan die beweeg gekry. Beskrywings wat werkbaar klink, laat moontlikhede vir verandering ook moontlik klink. Dit kan meebring dat daar deur 'n ander bril na pynlike ervarings gekyk word en in dié proses kan 'n meer leefbare, minder pynlike situasie geskep word.

Alternatiewe beskrywings moet egter altyd saam met die gesin ontwikkel word. In hierdie proses word 'n aantal beskrywings ontwikkel voor daar verandering plaasvind. Elke alternatiewe beskrywing berei die grond voor vir die volgende totdat een gevind word wat gekoppel kan word aan die vorige beskrywings en vir die gesin betekenisvol is, en gevolglik verandering te weeg bring.

6. Samevatting

Maatskaplike werkers wat deurlopend met mense in pynlike situasies werk, ondervind soms ook 'n gevoel van immobilisering. Indien hulle oor 'n lang periode met dieselfde tipe probleem werk, byvoorbeeld alkoholisme, word dit moeilik om gedrag uit 'n ander perspektief te beskou. Deur te poog om saam met die gesin 'n ander betekenisvolle beskrywing te ontwikkel, kan die terapeut en die gesin help om moontlike verandering te weeg te bring. Aangesien beskrywings saam met die gesin ontwikkel word,en

heelwat punktuasies insluit kan een vaste beskrywing vir sekere tipes gedrag, byvoorbeeld kindermolestering, nie ontwikkel word nie. Die terapeut bly aktief betrokke by die proses in 'n poging om 'n sinvolle beskrywing, wat 'n verskil kan maak, vir die gedrag saam met die gesin te ontwikkel. Die moontlikhede is onbeperk na aanleiding van die verskillende betekenisse wat verskillende persone aan beskrywings heg, en beweging is dus altyd moontlik. Alternatiewe beskrywings kan een van die tegnieke wees wat maatskaplike werkers kan gebruik in situasies waarby hulle reeds geruime tyd betrokke by is en waaroor hulle moedeloos voel.

Die beskrywing van hierdie terapeutiese proses is my punktuasie van hoe ek dit beleef het. My epistemologiese bril het my beskrywings in die terapeutiese proses en ook die beskrywings van die studie bepaal. 'n Volgende skrywer sal die proses anders punktueer en anders beskryf. Alle beskrywings bly bloot beskrywings wat geldig is in die spesifieke konteks waarin die beskrywing plaasvind. Solank terapeute en gesinne alternatiewe beskrywings ondersoek wat tot ander betekenisse kan bydra, sal verandering altyd moontlik wees, al is die verandering om deur 'n ander bril na 'n pynlike situasie te kyk.

7. Gevolgtrekking

Die konstruktivistiese denkwyse was vir my waardevol in die beskrywing van hierdie proses. Dit was veral die neutraliteit daarvan wat vir my bruikbaar was in 'n proses waar 'n aantal realiteite reeds geverbaliseer was. In hierdie terapeutiese gesprekke was dit vir my moontlik om 'n proses te fasiliteer wat die ontwikkeling van 'n werkbare realiteit moontlik gemaak het. Dit was nie my eie persepsie wat in die terapeutiese gesprekke na vore gekom het nie, maar 'n persepsie wat uit die gesprekke saam met die gesin ontwikkel is. Die basis wat Anderson en Goolishian (1988: 382-383) vir die terapeutiese gesprek voorsien was waardevol.Dit het verskillende elemente van 'n terapeutiese gesprek uitgelig aan die hand waarvan dit beskryf kon word. Dit het

bygedra daartoe dat die abstraktheid van die idee van terapeutiese gesprekke op 'n konkrete basis beskryf en begryp kon word.

'n Terapeutiese gesprek wat gebaseer word op hierdie benaderings is 'n dialoog waar die terapeut sensitief moet wees vir die betekenis wat persone, die terapeut ingesluit, heg aan woorde in die beskrywing van situasies. Die terapeutiese gesprek word dan 'n dialogiese proses waarin verandering gefasiliteer kan word. Dit weerspieel nie tegnieke nie maar is 'n prosesmatige gebeurtenis. Dit is 'n wyse om oor mense en probleme te dink en nie noodwendig 'n resep oor hoe om hulle probleme op te los nie. Alle terapeute kan dus hiervan gebruik maak aangesien terapie in elk geval gebaseer word op gesprekvoering.

BIBLIOGRAFIE

Anderson H. & Goolishian H A. 1988. Human systems as linguistic systems; preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. Family Process, vol 27: 371-393.

Andolfi M. 1979. Redefinition in family therapy. American journal of family therapy, vol 7 (1): 5-15.

Atkinson B J. & Heath A W. 1987. Beyond objectivism and relativism: Implications for family therapy research. Journal of strategic and systemic therapies, Spring, 8-17.

Auerswald E H. 1985. Thinking about thinking in family therapy. Family Process, vol 1: 1-22.

Auerswald E H. 1987. Epistemological confusion in family therapy and research. Family Process, vol 26: 317-330.

Bateson G. 1979. Mind and nature: A necessary unity. New York: Dutton.

Bogdan J J. 1984. Family organization as an ecology of ideas. Family Process, vol 23: 375-388.

Cade B. 1992. A response, by any other ... Journal of family therapy, vol 14: 163-169.

Carroll L. 1992. Alice's adventures in wonderland & Alice through the looking glass. Treasure Press: London.

Cecchin G. 1987. Hypothesizing, circularity and neutrality revisited. An invitation to curiosity. Family Process, vol 26 (4): 405-413.

Combrinck-Graham L. 1990. Giant steps. Basic books Inc.: USA.

Coyne J C. 1985. Toward a theory of frames and reframing : the social nature of frames. Journal of marriage and family therapy , vol 11(4): 337 - 344.

Dean R G. 1993. Constructivism an approach to clinical practice. Smith College studies in social work, vol 63 (2): 125-144.

De Shazer S. & Berg I K. 1988.Constructing Solutions. Networker, Set/Oct, 42-43.

Doherty W J. 1991. Family therapy goes post-modern. Family therapy networker, Sept/Oct, 37-42.

Efran J S. 1991. Constructivism in the inner city. Networker, Sept/Oct, 51-52.

Efran J S, Lukens R J. & Lukens M D. 1988. Constructivism: what's in it for you? The family therapy networker, Sept/Oct, 27-35.

Eron J. & Lund T. 1989. From magic to method. Networker. vol 13 (1): 64-70.

Estés C P. 1992. Women who run with the wolves: Contacting the power of the wild women. Mackays of Chatham P.L.C.: Great Britain.

Fisher D D V. 1991. An introduction to constructivism for social workers. Praeger Publishers: New York.

Flaskas C. 1992. A reframe by any other: On the process of reframing in strategic, Milan and analytic therapy. Journal of family therapy, 14: 145-161.

Flaskas C. (b) 1992. Reframing, framing and frameworks ... can we be framed? Journal of family therapy, vol 14: 171-175.

Friedman E. 1987. How to succeed in therapy without really trying. Networker, May/June, 27-31 & 68.

Gergen K J. 1985. The social constructionist movement in modern psychology. American Psychologist, vol 40 (3): 266-275.

Gergen K J. 1991. The saturated family. Family therapy networker, Sept/Oct, 27-35.

Gergen K J. 1992. The post-modern adventure. Networker, Nov/Dec, 52-57.

Gilgun J F. 1994. A case for case studies in social work research. Social Work, vol 39: 371-379.

Green S K. & Standridge M D. 1989. Inferring the relational system: Interactional therapy within a constructivist paradigm. Family Therapy, 16 (2): 99-111.

Hansen J C. 1985. Integrating research and clinical practice. Aspen Systems Corporation: USA.

Hoffman L. 1990. Constructing realities: The art of lenses. Family Process, vol 29: 1-12.

Inger I B. 1993. A dialogic perspective for family therapy: The contributions of Martin Buber and Gregory Bateson. Journal of family therapy, vol 15: 293-314.

Jones C W. 1986. Frame cultivation: Helping new meanings take root in families. The American journal of family therapy, vol 14 (1): 57-68.

Kantor D. & Andreozzi L L. 1985. The cybernetics of family therapy and family therapy research, in Hansen J C (ed). Integrating research and clinical practice. Aspen Systems Corporation: USA.

Keeney B P. 1983. Aesthetics of change. New York: Brunner/Mazel.

Keeney B P. & Morris J P. 1985. Family therapy and research: A dialogue, in Hansen J C (ed). Integrating research and clinical practice. Aspen Systems Corporation: USA.

Keeney B P. & Ross J M. 1985. Mind in therapy: Constructing systemic family therapies. New York: Basic Books.

Louw H. 1994. Complementarity in therapy. M A (MW) Geestesgesondheid. Pretoria: Unisa.

Manrique M D. 1990. System Thinking: A short training method. Journal of strategic and systemic therapies. vol 8 (2): 66-76.

Maturana H R. & Varela F J. 1987. The tree of knowledge. Boston: New Science Library.

Minuchin S. 1991. The seduction of constructivism. Family therapy networker, Sept/Oct, 47-50.

Mouton J. & Marais H C. 1989. Basic concepts in the methodology of the social sciences. Pretoria: HSRC.

Nichols M P. 1990. Rewriting lives. Family therapy networker, Sept/Oct, 19-25.

O'Hara M. & Anderson W T. 1991. Welcome to the post modern world. Networker, Sept/Oct, 19-25.

Penn P. 1991. Letters to ourselves. Networker, Sept/Oct, 43-46.

Pinsof W M. 1988. Strategies for the study of family therapy process, in Wynne L C (ed). The state of the art in family therapy research: Controversies and recommendations. New York: Family Process Press.

Ravn I. 1991. What should guide reality construction?, in Steier F. Research and reflexivity: Inquiries in social construction. Sage Publications: Great Britain.

Reason P (ed). 1994. Participation in human inquiry. Sage: London.

Reason P. & Rowan J. 1981. Human inquiry: A source-book of new paradigm research. The Bath Press: Great Britain.

Rubin A. 1989. Research methods for social work. Calif:Wadsworth Pub. Co.: Belmont.

Rychlak J F. 1990. George Kelly and the concept of construction. International journal of personal construct psychology, vol 3: 17-19.

Simon R. 1992. One on one: Conversations with the shapers of family therapy. The Guilford Press: New York.

Speed B. 1991. Reality exist O.K.? An argument against constructivism and social construction. Journal of family therapy, vol 3: 395-409.

Steier F. 1985. Toward a cybernetic methodology of family therapy research methods to family practice, in Hansen J C. Integrating research and clinical practice. Aspen Systems Corporation: USA.

Steier F (ed). 1991. Research and reflexivity: Inquiries in social construction. Sage Publications: Great Britain.

Stierlin H. 1983. Family therapy: A science or an art?. Family Process, vol 22 (4): 413-423.

Tom K. & Lannamann J. 1988. Constructivism applied: Questions as interventions. Family therapy networker, Sept/Oct, 38-41.

Viney L L. 1990. Psychotherapy as shared reconstruction. International journal of personal construct psychology, vol 3: 437-456.

Von Glaserfeld E. 1984. An introduction to radical constructivism in Watzlawick P (ed). Invented reality. Norton & Co: New York.

Waters D. & Lawrence E. 1993. Creating a therapeutic vision. Networker, Nov/Dec, 52-58.

Watzlawick P. 1976. How real is real: Communication, disinformation, confusion. Photo books (Ltd): Great Britain.

Wilkinson M. 1992. How do we understand empathy systemically? Journal of family therapy, vol 14: 193-205.

Zimmerman J L. & Dickerson V C. 1994. Using a narrative metaphor: Implications for theory and clinical practice. Family Process, vol 33 (3): 233-245.

Audiovisueel.

Uys J. 1981. The Gods must be crazy. Uys Production Films.